It was known as De Hoop Wildlife Farm. De Hoop has recently been extended with the purchase of more farmland, Potberg being the most recent, (1980), where facilities for environmental education programmes are being developed.

The main function of the reserve as a whole is the conservation of an ecological unit typical of Southern Cape coastal fynbos. Emphasis also falls on the management of the rare and endangered bontebok and Cape mountain zebra, and the preservation of other game species present which include eland, mountain reedbuck, bushbuck, springbok and klipspring-

ers. Other mammals in the reserve include baboon, lynx, Cape fox, ratel and porcupine. The birdlife on De Hoop is outstanding, and to date 211 species have been recorded. Reptiles and amphibians also abound and during the summer months boomslang, puffadder, cobra and skaapsteker may be encountered.


A feature of the reserve is the vlei (14 km x 1 km), habitat of many species of water birds. It also has 12 kilometres of sandy and rocky coastline, shifting sand dunes, sometimes reaching 90 m in height, unspoiled strandveld, calcareous ridges and kloofs, and the Potberg Mountain.

The history of this enormous nature reserve is interesting. It was originally an old loan place on which Frederick de Jager, a burgher of Swellendam, had grazing rights. He is thought to have built the nucleus of the homestead and outbuildings. The next known owner of De Hoop was Pieter Lourens Cloete, a son of Hendrik Cloete of Groot Constantia, who bought de Jager's opstal in 1819. (In the days of grazing rights no one was allowed to sell land, but had the right to sell the house). In 1820, three farms in the area were granted by the Governor, Lord Charles Somerset, to Pieter Lourens Cloete. The first, (2 913 morgen) became

known as Cloete's Kraal. The second, 7 368 morgen in size, was known as Klipfontein – this farm passed to Pieter Lourens Cloete, Jnr. in 1833 – while the third was De Hoop itself, a circular farm in extent 2 837 morgen and including the greater part of De Hoop Vlei. (Those were the days of large land-holdings, for in 1831 Pieter Lourens Cloete also inherited two farms in the Hottentots Holland, namely Zandvliet and Zeekoevlei, both of which passed to his son Pieter Lourens Cloete, Jnr. on his death).

P.L. Cloete bred horses and Spanish donkeys on De Hoop, hence the "ringmuur" (still standing) so typical of the horse farms of the period, and which he is credited with building. He almost certainly enlarged the house De Jager had built. It is a large H-shaped house and is unusual in that the front wings (bordering on the werf) are very much longer than the back. In line with the homestead stands the old horse mill, a building with wolf ends and a dormer gable over the front door. Legend has it that the wife of the original builder of this grand old homestead was very fond of oysters and choked to death while swallowing one. The large oyster shell embedded in the plaster over the front door of the homestead is said to be a memorial to her.

In August of 1843 P.L. Cloete, Jnr. (P.L. Cloete, Snr. died in 1837) offered for sale at "The Hope" a number of "very high-bred mares, in foal to the thoroughbred



De Hoop with the Manor House (left) and original stables.

imported horses Squirrel, Stanley, Gammon Boy and to that famous English horse Tremendous; also 40 colts, 2 years old, by the above stallions." Also to be offered for sale were "15 magnificent Jack Ass Stallions" and, if not previously disposed of "that beautiful thoroughbred imported horse Fervid", which had done so well at the Green Point Race Course during the April meeting. By 1849 "the well-known estate, The Hope", was being offered for sale "on the spot". It consisted of five farms, totalling 46 000 acres. Also to be sold were 150 mares, foals and colts; 5 000 thoroughbred Merino sheep; 60 oxen, 50 cows and heifers and a "very fine Jack Ass". Household furniture and farm implements were also to be auctioned.

De Hoop was eventually sold from the estate of Pieter Lourens Cloete, Jnr. to Gabriel de Wet who bequeathed it to his son, Daniel de Wet and son-in-law, Pieter Arnoldus Human. It subsequently passed through the hands of the Neethling and Albertyn families until it was bought in 1946 by H.L.D. Wood who grew wheat, oats and barley, ran a flock of 700 to 800 sheep, and kept a small herd of registered Jersey cows. He restored and repaired the old buildings, maintaining their nineteenth-century character and charm. He also prohibited hunting and waterfowl shooting in the vlei.

The buildings, presently used to accommodate staff, are well maintained by the Department.

De Hoop vlei is the southernmost large body of permanently brackish water in Africa. It is formed by the Sout River, a rivulet originating near Caledon and flowing through the grainlands composed of Bokkeveld shales. It is blocked from the sea by bush-clad sand dunes, and probably no outlet ever existed. At its northern end the vlei winds through precipitous, eroded limestone cliffs up to 300 m high and known locally as "harde duine". Bat caves and dassies abound on these cliffs which reduce in height on the eastern shore to rock rubble, while to the west is a sandy shore. The water depth fluctuates considerably, the normal depth being 10 m. It is 15% as saline as sea water due to the soils of its catchment. Plant growth varies considerably, while Daphnia and other small crustaceans abound. Only three species of indigenous fish are found in the vlei—Cape Kurper, Springer and the vlei sardine. Fishing in the vlei is prohibited, as also is swimming, and boating is limited to self propelled boats. Both fishing and swimming are allowed on the coast. Rock angling is a traditional sport in this area, but swimmers should proceed with caution as there are heavy undertows, rocky shoals and steeply sloping beaches.

Potberg, the most recently acquired area of the Nature reserve is now fully developed for environmental educational programmes. The old farm complex has been renovated to suit all the needs of a modern environmental centre. The barn has been converted into a lecture room

19 DECEMBER 1849

# THE HOPE.

THE UNDERSIGNED, BEING DULY AUTHORIZED  
THERE TO BY

**Mr. P. L. Cloete,**

WILL SELL ON THE SPOT, ON

**Thursday, the 3rd January, 1850.**

THE WELL-KNOWN ESTATE

## “The Hope,”

*Situated in the Fieldcornetcy of Potteberg, District of Swellendam.*

**T**HIS Property consists of about 46,000 ACRES of LAND, with a good Dwelling House, and extensive Outbuildings, Mill, &c., all in good order.

The Land will be sold first in separate Farms, and then the whole together. These Farms consist of—

**1st. Matjes Fontein,**

With 6,000 Acres and a never-failing Spring.

**2d. The Milk Room,**

With all the remaining Land to the West of the Lake, about 8,000 Acres with a large Running Stream.

**3d. The Potteberg Downs,**

Of about 3,000 Acres.

**4th. Dronk Vley.**

With about 8,000 Acres.

**5th. The Hope.**

With Lake and remaining Land, about 21,000 Acres.

After the Sale of the Property all the Sock on the Farm will be sold, as also the Furniture, Farming Implements, Stacks, &c. &c.

The Stock will consist of—

**150 Mares, Foals, and Colts,  
5000 Thorough-bed Merino Sheep  
60 Oxen, 50 Cows and Heifers  
A very fine Jack Ass.**

The Landed Property is in the mean time for Private Sale. For all particulars regarding this splendid Estate, apply to the Undersigned, Messrs. BARRY & NEPHEWS, Cape Town, or to the Proprietor, at "Zandvliet."  
Swellendam, Nov. 23rd, 1849.

**J. BARRY.**

and dining room, museum, laboratory, kitchen, ablution block and sleeping quarters. Other buildings have become offices, stores and accommodation for staff. The surrounding land provides braai and picnic areas and playing fields.

The farm Potberg was first granted in 1838 to Gildenhuysen who, it is thought, built the nucleus of the present T-shaped old homestead. Large beams from wrecked ships, with fixed iron hooks, are a feature of the house and a relic of the past. The farm has had many owners including M.J. du Toit, C.J. Geldenhuys, H. van W. Fletcher, G.J. van Dyk, H.P.J. Geldenhuys, Anders Ohlsson and J.D. Albertyn. In 1940 J.D. Albertyn's son, Arthur, sold the farm to K. Swart and Myburgh, from whom it went to Mr Swart's daughter and her husband, Jan du Toit, who farmed there until 1980 when they sold to the Provincial Administration.

With the farming operations over the years, i.e., cattle, sheep, racehorses, donkeys and mules, the homestead was enlarged and many outbuildings and stables erected.

During the 1850s and 1860s building materials were brought up the Breede River to Malgas from where they were taken to Potberg by ox-wagon. They were shipped from Cape Town and carried by the steamship Kadie owned by the firm Barry and Nephews. This little ship plied between Cape Town and the mouth of the Breede River for six years. She ran aground on the bar of the Breede River on the western approaches of San Sebastian's Bay in 1865. (The Kadie was the first coaster to survive the southern African seaboard long enough to double Cape L'Agulhas 240 times).

The white-washed buildings on the farm complex are thought to be the oldest while the stone buildings were built by Anders Ohlsson, a Swede who came to South Africa in 1860 and who owned the estate of Potberg—some 70 000 acres—from 1905 until his death in 1912.

In 1881 Anders Ohlsson bought a brewery in Newlands, near Cape Town and by 1889 "Ohlsson's Cape Breweries Limited" had become the largest

manufacturing enterprise in Southern Africa. As the leading Scandinavian businessman in the Colony, Ohlsson was appointed Consul-General for the joint Kingdoms of Norway and Sweden. In 1884 he became a member of the Cape Legislative Assembly and retained his seat until 1893. He was always interested in the preservation of wild life. His most notable contribution to legislation was his introduction of a Game Bill which provided for closed seasons, prohibited the gathering of certain eggs and the wholesale shooting or trapping of pheasant or partridges. It was also laid down that the shooting of elephant, bontebok, wildebeest and buffalo required a special permit.

On his estate of Potberg with its frontage of thirty miles on the Breede River and twenty miles of sea coast he built up substantial herds of red and fallow deer and bontebok.


During his tenure a telephone system came into being with Potberg as the central exchange and lines going to Verheuwel, Brakgat and Port Beaufort. This single telephone line was strung along on imported Jarrah poles, several of which are still extant.

The Cape Provincial Administration is to be commended for their efforts for the preservation and conservation of such a large natural area of ecological and historical importance.

#### Sources

Dictionary of South African Biography I.  
Burrows, E.H.: Overberg Ontspan. Cape Town.  
Fransen H. and M. Cook: The Old Houses of the Cape. Cape Town.  
Walton, J. (ed.): The Josephine Mill and its owners. Cape Town (The Historical Society of Cape Town).

22 JULY 1843



## EXTENSIVE SALE OF HORSES, AT THE HOPE, DISTRICT SWELLENDAM.

**T**HE Undersigned have been instructed by **P. L. CLORTE, Esq.**, to sell on **SATURDAY**, the 19th August next, at the above Farm, a number of very high-bred **MARES**, in Foal to the Thorough-bred Imported Horses *Squirrel*, *Stansty*, *Gammon Boy*, and to that famous English Horse *Tremendous*; also, 40 **COLTS**, 2 years old, by the above Stallions. The **MARES** were bred on the place, and are worthy the attention of Persons commencing a good Stud. At the same time will be sold, 15 magnificent **JACK ASS STALLIONS**, of 2, 3, and 4 years old, of the large Jochim breed.

Also, if not previously disposed of, that beautiful thorough-bred imported Horse **Fervid**, whose extraordinary running last April Meeting on the Green Point Course is well known. He stands 16 hands high; foaled in 1838; got by **Firman** out of **CHEAP'S Dam**.—See Stud Book, Vol. 4th, Page 406.

**VAN DER BYL & DENYSSSEN, Auctioneers.**

**Mulagas Kraal, Breede River.**

**CORRIGENDA**—In the article *South Africa's Oldest Mill* in RESTORICA no. 10 the following three amendments should be made:

Page 39, fifth line from bottom, 1780 should read "1782";

Page 40, column one, line 20 from bottom, 46 years should read "40 years"; and in column two, line 9, the phrase "even after it stopped working" should be deleted.

# Waterkloof

## Vergeete Vrystaat-dorpie

Jan van de Graaf

Die reisiger wat in die rigting noord-suid of suid-noord deur die Oranje-Vrystaat ry en nie deur die moderne lewe met sy voortdurende tydnoed gedwing word om gebruik te maak van die fantasie- en romantieklose teerlinte wat ons hedendaagse padbouers orals deur daardie vriendelike provinsie trek nie, kan nog altyd gebruik maak van die ou pad.

Hierdie ou Kaapse roete gaan deur skilderagtige lieflike dorpie wat nog boukunsjuwele uit die verlede huisves. Plekke soos Reddersburg met sy twee pragtige kerke en Philippolis wat moontlik die skilderagtigste dorp van die Vrystaat is, is domweg van die deurgaande verkeer afgesny en tot gestadigde agteruitgang veroordeel.

'n Aktiewe Vrystaatse Museumdiens en geesdriftige bewaringskomitees probeer nou om die skade te herstel deur hierdie dorpe weer op die toeristekaart te plaas.

Een van die plekkies wat met ondergang bedreig word, is Waterkloof, 'n groen oase in die dikwels so dorre streek tussen Philippolis en Colesberg, maar slegs vyf kilometer van eersgenoemde dorp af geleë. Hierdie Waterkloof het 'n tipiese eie geskiedenis en daar staan vandag nog 'n aantal huisies wat eintlik vir die nageslag bewaar behoort te word. Een daarvan het nog die tans seldsame brakdak, ander vertoon kenmerke van die ou sg. Griekwasty!

Waterkloof het nog sy eie dorpsbestuur wat bestaan uit vyf raadslede. Die voorsitter daarvan, mnr Jan van der Merwe, is baie aan sy ou dorpie geheg en is bereid om alles in sy vermoë te doen om dit te behou. Hy word hierin gesteun deur 'n paar ander inwoners wat baie lief is vir hierdie plekkie. In die verlede het Waterkloof 'n lewendige gemeenskap gehad. Daar was 'n eie skool en op Sondae het die eie kerkklok gelowiges opgeroep na die erediens. Dertig jaar gelede was daar heelwat skoolgaande kinders. Daar het daagliks 'n skoolbus gery. Stadig maar seker het die inwonerstal gedaal en boere het die een erf na die ander opgekoop ter wille van die vrugbare grond.

Ongelukkig gaan geld en kulturele gevoel, en geld en liefde vir die volksverlede, nie altyd saam nie. Huise wat teen 'n geringe koste bewaar kon word, het verwaarloos geraak of is afgebreek. Pragtige klipmure is roekeloos vernietig en bome en

struikie is uitgehaal terwille van 'n handjievol ekstra lusern.

Die Vrystaat raak egter nou bewaringsbewus. 'n Aantal besitters in Waterkloof is reeds bereid om hulle eiendom op te knap. 'n Kultuurvereniging het die geskiedkundige Raadsaal onder sy hoede geneem en in 'n pragtige toestand gebring. Een van die boere het aan 'n ander organisasie toestemming verleen om aan sy leegstaande eiendom 'n funksionele bestemming te gee. Hy vra daarvoor 'n simboliese huur.

'n Gedeelte van Waterkloof sal dus behoue bly, maar die res? *Sal die owerheid ingryp om verdere verval te verhoed?*

Met dit alles is egter nog nie gesê waarom hierdie Waterkloof van so 'n geskiedkundige betekenis is nie. Die verlede van die dorpie is nou gekoppel aan die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Philippolis.

Oorspronklik het hierdie gemeente gebruik gemaak van die ou Griekwakerkie. Later het daar behoefte ontstaan aan 'n nuwe kerkgebou. In 1867 het ouderling E. Grobbelaar voorgestel om die dorp Philippolis te verlé na die plaas Waterkloof. Daar is 'n vergadering gehou en op 27 Julie 1867 het die manlike lidmate daardie voorstel van die hand gewys. 'n Maand later het ouderling E. Grobbelaar en sy broer R. Grobbelaar meegedeel dat hulle die plaas Waterkloof namens die Kerkraad vir £4 000 van mnr J.P. Strauss gekoop het. As die Kerkraad hiermee nie tevrede is nie, sou die Grobbelaars die plaas self behou. Die Kerkraad het daarna drie memories behandel, onderteken deur persone wat versoek het om die dorp nie na Waterkloof te verlé nie.

Die broeders Grobbelaar kon moeilik in hierdie besluit berus en op 26 Julie 1869 kon mnr. R. Grobbelaar die saak weer aan die Kerkraad stel. Ds. Fraser het aan die Kerkraad meegedeel dat mnre Grobbelaar graag wou sien dat die grond op billike voorwaardes in die besit van die Kerkraad moet kom, voordat een van hulle (die Grobbelaar-broers) sou sterf. Die Kerkraad het na die gebruikelike druk bespreking besluit om Waterkloof, insluitende Langkloof, te koop vir £2 384. Die Kerkraad het sodoende 4 000 morg grond in hande gekry en was optimisties dat die plaas 'n groot bate vir die kerk sou wees. In 1870 het ds. Fraser die Volksraad versoek om die



Die Raadsaal op Waterkloof nadat dit deur die Dietse Federasie opgeknap is.



Dié ou winkel van Van Copenhagen kan met min onkoste opgeknap word.



hereregte aan die Kerk terug te betaal. Die gemeente was klein en Waterkloof was die enigste bron van inkomste. Die hereregte is inderdaad terugbetaal. Die besit van Waterkloof het die Kerkraad in staat gestel om behoeftiges te help deur erwe aan hulle toe te ken. Erwe is ook ten bate van die N G-kerk verkoop.



'n Bewoonde en opgeknapte huis op Waterkloof – 'n bittereinder.

'n Sterk fontein het tot vandag toe besproeiing moontlik gemaak. Pragtige groente- en vrugtetuine is aangelê. So het Waterkloof 'n klein paradys geword en is dit nog.

Vir die Kerk het die besit geen onverdeelde vreugde geword nie. Daar was 'n meul, wat later verkoop en daarna weer teruggekoop is. Daar was onderlinge geskille onder die bewoners en . . . daar was die boetebossie. Die landdros het die Kerkraad verplig om daardie onkruid te laat uitroei – 'n groot, amper onbegonne taak.

Op 1 April 1872 vra die Kerkraad die gebr. Grobbelaar dan ook om die koop tot niet te verklaar. Die Grobbelaars het daarop die plaas aan die Kerkraad geskenk. Dit sou te ver voer om hier alle latere probleme van die Kerkraad met Waterkloof te beskryf.

In 1904 is die stemgeregtigde inwoners van Waterkloof toegelaat om 'n eie bestuur te kies, die "Board of Management".



'n Huisie op Waterkloof wat nog in redelike toestand is.

Nuwe geskille het daartoe gelei dat die Kerkraad onder leiding van ds. P.S.Z. Coetzee hom aan die verantwoordelikheid vir die nedersetting onttrek het en kaart en transport aan die dorpsbestuur oorhandig het. In Julie 1924 het die Kerkraad besluit om alle aansprake op erwe en oop stukke grond te laat vaar en om dit as 'n donasie aan die "Village Board of Management of Waterkloof" te skenk. Vandag het Waterkloof nog sy dorpsraad van vyf lede wat verantwoording aan die Provinsiale Administrasie verskuldig is.

Dit is nog altyd 'n pragtige plekkie. Nog . . . maar daar sal gou iets moet gebeur anders gaan dit ook geoffer word aan die niks-ontsiende materialisme van ons tyd wat enige skat uit die verlede tot niet sal maak.

Baie van die gegewens is verkry uit: J.A. Bosch: *Eeufeesgedenkboek van die NG-gemeente Philippolis 1862-1962*.

## Frank R. Thorold

AFRICANA & LEGAL BOOKSELLERS



FINE AFRICANA BOOKS,  
PRINTS, PICTURES AND MAPS

Please send us your wants  
and let us know if you wish  
to receive our lists of  
current publications and/or  
our occasional catalogues of  
antiquarian Africana.



42 Harrison Str.  
3rd Floor  
Meiseke's Bldg.  
Johannesburg 2001  
P.O. Box 241, Johannesburg 2000  
Telephone (011)838-5903



# Zeekoegat, Prins Albert

Helena Marincowitz

**Die bewaringskomitee van die Stigting Simon van der Stel van Prins Albert gaan by die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede aansoek doen dat die kerkie en saaltjie op Zeekoegat as Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar word. Hier is 'n kort opsomming van die geskiedenis van Zeekoegat.**


Tussen Beaufort-Wes en Meiringspoort, snel die verkeer deesdae voort op 'n breë pylreguit teerpad. Vroeër dae het menige moeë reisiger op die vervelige en nimmereindige stofpad, by Zeekoegat vir blaaskans en 'n lafenis stilgehou. Nou is die winkel en poskantoor op Zeekoegat gesluit en die gemeenskap uitgedun tot 'n handvol boere en 'n Kleurlingskool.

Op die verlate en uitgestrekte Karoovlaktes het die buitewyk van Zeekoegat egter nog nie gesterf nie. 'n Fraai NG-kerkie met saaltjie en grafes herinner nog steeds aan 'n era wat eenmaal was, en watter soort mense in die omgewing gewoon en geleef het.

Zeekoegat is geleë 62 kilometer van Prins Albert in Willowmore se rigting. Die stadige wyse van verkeer sowel as die slegte paaie, het dit vir die gemeentelide van die uitgestrekte distrik, moeilik gemaak om die kerkdienste op Prins Albert by te woon. 'n Welvarende ouderling van die gemeenskap mnr. F.S. Oosthuizen, ook bekend as Oom Frikkie, van Zwartskraal, het onderneem om op eie koste 'n kerkgebou op die plaas Zeekoegat, wat ook aan hom behoort het, op te rig. Teen die end van 1906 is die kerk op Zeekoegat deur hom laat bou, en op 23 Februarie 1907 is die kerkgebou deur ds. D. Wilcocks van Prins Albert en ds. Albertyn van Willowmore ingewy.

Die saaltjie is heelwat later deur mnr. Oosthuizen laat bou deur 'n mnr. Combrink van Prins Albert. Eers op 25 Februarie 1936, is die kaart en transport van die kerk met saal en gronde aan die N.G. Kerk van Prins Albert oorgedra. Langs die kerk is die grafes van Frederick Simon Oosthuizen (81 jaar) oorlede 10 Oktober 1936, en sy vrou Martha Maria Oosthuizen (58 jaar) oorlede 3 April 1918, en 'n seuntjie Hendrik Oosthuizen (1 jaar), oorlede 8 Desember 1884. Mev. Oosthuizen en die seuntjie was eers op Zwartskraal begrawe en is op Zeekoegat herbegrawe.

Maar die kerkie huisves ook nog 'n kosbare stukkie Africana, naamlik 'n orreltjie wat Cecil John Rhodes aan die gemeente van Prins Albert geskenk het. Die orrel speel nog baie goed en verleen luister aan die dienste wat nog gereeld op Zeekoegat deur die leraar van Prins Albert gehou word.



Die skool (links) en koshuis op Zeekoegat, 1908.



'n Gedeelte van die hotel op Zeekoegat, 1908.



Zeekoegat se kerkie. Foto: Annie Marincowitz, 1910, Skoonmoeder van die skryfster en dogter van F.S. Oosthuizen.



**F.S. Oosthuizen, die persoon wat Zeekoegat se kerkie laat bou het.**

### Orreltjie

Die interessante geskiedenis van die orreltjie dateer uit die dae toe ds. Adriaan Hofmeyer (1883-1895) leraar van Prins Albert was. Die jong avontuurlustige dominee is deur Jan Luttig (L.V. vir Beaufort-Wes en woonagtig op Prins Albert) saamgenooi om Bechuanaland vir Rhodes, wat 'n groot vriend van hom was, te gaan verken. Die geselskap het net sover as meer N'gami gevorder en moes toe omdraai omdat die inboorlinge opstandig geword het. Rhodes wou aan die verkenners elkeen 'n plaas in Rhodesië skenk, maar hulle wou dit nie aanvaar nie. As blyk van waardering skenk hy toe die orreltjie, en 'n pragtige stoel met hout-sneewerk aan die N.G. Kerk op Prins Albert. Dis is nou ongeveer 45 jaar dat die orreltjie diens doen op Zeekoegat.

### Olielampe

Die pragtige olielampe het in die konsistorie van Prins Albert se kerk gehang. Toe gaslampe die olielampe vervang het, is die olielampe aan Zeekoegat geskenk.

Die silwer nagmaalbekers en doopbak, word ook met geleenthede nog gebruik.

'n Florerende en selfversorgde gemeenskap het in vervloë dae op Zeekoegat gewoon. Uit die Trakarivier, wat deur Zeekoegat vloei, is die koringlande besproei. 'n Stoomenjin het die meule getrek, en die heerlikste brood is van die vars meel gebak. Elke jaar het Frikkie Oosthuizen ook 'n waatlemoenfees in die populierbos gehou, waarheen almal uitgenooi was.

'n Dubbelverdiepinghuis word nog op Zeekoegat bewoon deur Mev. Ida Herbst. Dit was destyds 'n deftige hotel, wat in die dae van die ossewa en perdekar 'n halfwegstasie tussen die groot dorpe Beaufort-Wes en Oudtshoorn was. Die oorblyfsels van die smidswinkel wat Gert Murphy gehad het, is ook nog te sien. Dan was daar ook 'n drankwinkel en poskan-

toor. Aan beide kante van die rivier was 'n winkel. Die een aan die oorkant van die rivier, waar "Sunnyside" is, het aan ene Du Plessis behoort. Die winkel by die Hotel, het kort-kort van eienaar gewissel o.a. Pantjies, Charlie Oosthuizen, Eugene Marincowitz, Lazerowitz, Pieter Rossouw, Josef Klue, Fanie Diedericks, Willie Avenand, Piet Pienaar, Klaasie van Eck, Cyril van Zyl, Christo Storm.

### Goud

In 1897 het Zeekoegat 'n goudstormloop beleef, toe goud op die omliggende drie

plase Spreeufontein, Gatsplaas en Kleinwaterval ontdek is. In wyle mev. Ruby Müller van Kleinwaterval se dagboek staan: "Mr. du Plessis came to prospect and actually in one find sent away samples for which he got a few thousand pounds". Die beste tasbare bewys van goud in die gebied, is 'n goudklont wat ongeveer 30 jaar gelede in 'n skaapkraal op Gatsplaas opgetel is.

In 1915 is die planne vir 'n volledige dorpsuitleg op Zeekoegat geteken. Die dorp het egter nooit tot stand gekom nie, moontlik as gevolg van die verdwyning van die goudsoekers.



**Lampe in Zeekoegat se kerk.**



**Bewaringskomitee Stigting Simon van der Stel van Prins Albert se eerste vergadering op Zeekoegat.**

# Worcester: Die Boland Opelug-plaasmuseum

Héloïse Naudé

Kuratriese

## Inleiding

Aan die einde van die 19de eeu het 'n nuwe soort museum in Europa ontstaan waarvoor durf en verbeelding nodig was. Die gedagte was om ou bouwerke van volkskundige waarde te verplaas na 'n sentrale oord waar hulle vir die nageslag bewaar sou bly. Dit was prakties uitvoerbaar omdat die geboue almal van hout was en dit is logies dat hierdie soort museums in die bosryke Skandinawiese lande sou ontwikkel.

Die wêreld se eerste openbare opelugmuseum het in 1891 in Skansen, net buite Stockholm ge-open, met Bygdøy by Oslo en Linby by Kopenhagen kort daarna. In 1912 is by Arnhem die Nederlandse Opelugmuseum gestig. Hierdie museums het almal uit wandelparke met losstaande geboue bestaan wat elk individueel as 'n eenheid bewaar is.

Die vinnige verandering van lewenswyse, a.g.v. tegnologiese ontwikkelings het veral na die Tweede Wêreldoorlog daartoe gelei dat gemeenskappe en individue bewus geraak het van hul landelike erfenisse.

Dwarsdeur die wêreld het opelugmuseums met die pionierslewe as tema tot stand gekom en veral in Engeland, Australië en die V.S.A. is gepoog om die tradisionele plaaslewe van 'n bepaalde tydperk of streek uit te beeld.

Opelugmuseums het nou reeds deel geword van die opvoedkundige program op 'n breë vlak en word betrek om die samehang tussen gebruiksgoedere, praktiese leefwyse en kultuurpeil tuis te bring. In die V.S.A. is hierdie benadering verder gevoer deur die stigting van "living historical farms" waar gepoog is om te leef en te boer soos die mense vroeër op 'n spesifieke plek en tyd gedoen het.

Die landelike geskiedenis van Suid-Afrika, net soos van die V.S.A., is dié van 'n pioniersland en die beskawing strek slegs oor 'n periode van 300 jaar. Die meeste van ons politieke leiers tot die dertigerjare het 'n landelike agtergrond gehad. Daarom is dit dat 'n studie van die landelike leefwyse en lewensomstandighede van die pionierstydperk ook bydra tot 'n beter begrip van die denke en optrede van die voorgeslagte en hul leiers.

*Die Boland Opelug-plaasmuseum* is die oudste opelug-landboumuseum in Suid-Afrika en is die resultaat van jare se aanvoorkom deur die Worcester-museum. Reeds in 1964 is die beginsel aanvaar nadat 'n ou perdemeul deur mnr. P.J. Hugo van Bergplaas (vroeër Karbonaatjieskraal) aan die museum geskenk is. Sedert 1966 is ou implemente deur die museum by die jaarlikse skou vertoon. Terselfdertyd is ook begin met bandopnames van vertellings deur ouer boere i.v.m.

verskillende plaasbedrywe en boerderymetodes. Die Landbougenootskap het 3,1 hektaar geskenk vir die oprigting van 'n museum by "Kleinplasia" waar die huidige skougronde geleë is.

"Kleinplasia" is die kern van "Roodeval" een van die twee leenplase wat in 1819 teruggetrek is om Worcester op aan te lê. Op sy inspeksietoer in 1818 het landdros Fischer aangeteken dat daar op die plaas met wingerd, graan en vee geboer is. Lichtenstein beskryf in sy "Travels to the Interior" die plaasprodukte wat hy te ete gekry het gedurende sy verblyf op Roodewal in 1805.

In die plaasrekords van mnr. Thomas Heatlie word in 1857 aangegee dat volstruisvere, hawer, beeste, brandewyn, sweepstokke, lemoene, waens en karre verkoop is. Die eerste lusêrn in Suid-Afrika is ook hier deur ene Cubitt vir sy perdeboerdery gesaai. Daar is sterk aanduidings dat Goudini die voortou geneem het met die maak van rosyne en die eerste plaas is reeds in 1714 uitgegee. In 1833 het ene Jordaan 'n silwermedalje vir die beste rosyne op die Kaapse Skou gewen. Die oes is per ossewa oor Tulbagh na Kaapstad vervoer. Volgens die 1850-sensusopgawes was daar in die Worcester-distrik 19 perdemeule en 108 watermeule. Met die oprigting van die eerste Koöperatiewe Wynkelders in Suid-Afrika in 1908



Heerlike brood word in hierdie buitebakoond by die boerewoning gebak.



**Die wynkelder.**



**Die watermeul.**



**Die perdemeul met links die sweepstokoond en regs die bakkiespomp wat deur 'n donkie getrek word.**



**Lede van die Lions-klub besig om die tabakskuur op die plaas Kaffirskloof, Piketberg, af te breek.**

was daar een by Overhex in die Worcester-distrik.

Worcester, met 'n interessante landbougeskiedenis wat oor 'n wye vlak strek, is dus by uitstek geskik vir die aanbieding van 'n opelug-plaasmuseum. Vandag nog produseer hierdie gebied 'n groot verskeidenheid landbouprodukte weens die feit dat die reënval binne 'n straal van vyftig kilometer van 175 mm tot 2 500 mm wissel.

### **Beplanning en uitleg**

Die eerste gedagte was om net 'n outentieke plaaswerf te skep wat die pionierslewe sou uitbeeld. Dit sou egter die uitstallings en geboue beperk tot 'n vaste periode van slegs 'n dekade of twee en daar kon dan geen aanduiding wees van die verdere ontwikkelingstadië nie. Om die uitbeeldings egter sowel as opvoedkundig te maak sou dit byvoorbeeld moeilik wees om in 'n boer se parseldertjie die hele bedryf deur te vat in al die stadiums vanaf die parsbalie, waar met die voet getrap is, tot by die verskillende meganiese prosesse wat daaruit ontwikkel het. Daarvoor is moderne uitstal tegnieke nodig met foto's en byskrifte en dadelik gaan dan die atmosfeer van die oue daarmee heen. In samewerking met die argitek Gawie Fagan is besluit om 'n kombinasie van die twee te gebruik en 'n moderne geboue-kompleks sowel as *outentieke replikas van verskillende tipes buitegeboue wat op plase in die groter Boland aangetref word, op te rig.*

Die moderne museumkompleks sluit in 'n ontvangslokaal, uitstalruimte, administratiewe kantore, 'n lesingsaal, argief, biblioteek en 'n selfbedienings-kafee.


Besoekers gaan eers deur die moderne ontvangslokaal, sien 'n oriënteringsfilm

wat die landbougeskiedenis uitbeeld en besoek dan met behulp van 'n brosjure die buite-afdeling. In die eerste instansie word kennis gemaak met die verskillende boumetodes van die vroeë setlaars en die boumateriaal tot hul beskikking. Verskillende dekgrasse is hier aangeplant, sowel as 'n populierbos wat tipies is van die eerste aangeplante bosse waaruit pale vir dakkonstruksie gekap is. 'n Kalkoond vir kalkklip gebruik sluit hierby aan. Daarna volg tien verskillende replikas van geboue en konstruksies wat insluit 'n kapstylhuisie, tabakskuur, seephuisie,

waenhuis (met stal en tuiekamer), 'n smidswinkel, water- en perdemeul, 'n vroeë boerwoning, wynkelder en skaapwagtershuisie. Hier is die uitstallings lewensgetrou, sonder byskrifte en gee 'n beeld van wat die gewone boer op sy plaas besit en gebruik het. Die oorspronklike geboue is in die distrikte van Durbanville, Piketberg, Tulbagh, Ceres, Touwsrivier, Clanwilliam, Hopefield en Worcester te sien. Verder is daar 'n sweepstok-oond, buite-bakoond, 'n gebou vir tuisnywerhede, ingeboude loog- en moskon-



**Konstruksie van die kapstelhuis. Die garingkappe rus op plat klippe en die dwarslatte van spaansriet word met rou beesrieme vasgemaak.**



**Die kapstelhuis op die terrein van die Worcester-opelugmuseum in aanbou. Die dakkonstruksie van garingboomstingels is met houtpenne saamgevoeg. Spaansriet is vir die dwarslatte gebruik. Die dekriet is met "tougoud" ('n rivierbiesie) vasgework.**



**Rog word gesesel deur mnr. Alwyn Naudé, 'n 78-jarige boer.**

Foto: Mev. Ethel Rosentrauch.

fytpotte, stookketels, rosyntjiebaan, trapvloer, krale en bamboesonderstok, doringtakke en gepakte klip, 'n volstruiskampie en eendedam.

Om die landskap aan te vul en atmosfeer te skep is granaat- en kweperheining, vrugtebome, wingerd en 'n rietbos onder andere aangebring. Rondom die terrein is 'n opwal gestoot wat beplant is met inheemse bome en veldblomme, veral dié wat 'n praktiese nut had bv. plante wat gebruik is vir medisyne, kos en gif, asook dié wat in plaasbehoefes voorsien het soos die loog- en asbossie, sewejaartjies, besembos, kruie en vele ander.

Die besoeker kom dan terug na die moderne gebou waar permanente uitstallings, deur middel van moderne grafiese tegnieke die ontwikkeling van die landbou uitbeeld.

Daagliks word koring gewan en gemaal in een van die meule, brood gebak in die buite-bakoond en vetkerse gemaak. In die smidswinkel word handgemaakte spykers en skarniere uit ou wabande gesmee, die vrugteboord en groentetuin geskoffel en die koei gemelk. 'n Donkie trek die bakkiespomp, hoenders skrop op die werf en ganse, eende, kalkoene, skape en volstruise dra by tot die plaasatmosfeer.

Seisoensgewyse, wanneer die verskillende produkte beskikbaar is, word demonstrasies gegee van o.a. die trap van druiwe, brandewynstokery, maak van rosyne, kook van moskontyt, dors van graan met perde op die trapvloer, brei van rieme, die vervaardiging van sweepstokke en die skeer van skape.

Hierdie museum word gesien as 'n streekmuseum met 'n positiewe opvoedkundige boodskap van sy eie. In die gewone kultuurhistoriese museum word wel voorbeelde van plaasimplimente ge-

vind, maar buite die verband van die omgewing waarin dit gebruik is. Vir die stadskind beteken die blote aanskouing van die voorwerp niks tensy dit gesien word in die milieu waarin dit gebruik is. Daarom is die praktiese demonstrasies van die ou bedrywe (aangevul met skyfiesings) 'n belangrike rol van die plaas-museum.

### **Motivering van die publiek**

Met die oprigting van die museum is daar uitmuntend geslaag om die hele gemeenskap te motiveer en betrek te kry. Die subsidie van die Provinsiale Administrasie ontvang, het slegs die oprigting van die hoofgebou gedek en het ons voor die uitdaging gestel om die uitleg van die terrein en die oprigting van die buitegeboue self te finansier – en dit in die tydperk vanaf 1978 tot 1981 toe die ekonomiese klimaat bitter ongunstig was.

Met die hulp van die munisipaliteit en indiwiduele boere is 16 000 kubieke meter grond ingery vir die opwalle en is die stootskrapeerwerk Saterdag deur 'n boer gedoen. Die K.W.V. het die replika van die ou parskelder van Koos Mostertpotjie (J.F.H. Jugo) van "Wilgevlei" geborg en lede van die Lions-diensklub het die tabakskuur op Kaffirskloof, in die distrik van Piketberg, gaan afbreek en met vragmotors na Kleinplasia vervoer. Dit het ingesluit die dakkappe, gekapte klip vir gedeeltes van die muur, die kleigrond vir rou stene en dekgras uit daardie kontrei. Alles is vooraf behoorlik gemerk en genommer. Die lede het ook self die fundamente gegrawe en opgebou en eers daarna 'n messelaar in diens geneem. Mnr. Kobus Lambrechts, eienaar van die plaas, het self die dak kom dek volgens

die tradisionele metode van die gebied. *Hierdie ondervinding het dadelik getoon dat dit selde prakties uitvoerbaar is om 'n ou gebou van rousteen af te breek vir heroprigting elders, daar die stene oorgemaak moet word en die houtwerk meesal ook tot 'n groot mate vervang moet word. Die eindproduk is dan in elk geval feitlik ook maar 'n replika.*

Hierna was dit maklik om ook die ander organisasies in te trek en het die Afrikanerklub die oprigting van die seephuisie uit Ceres-distrik geborg, die Junior Rapportryers die perdemeul van Touwsrivier en die Rotariërs die watermeul van Clanwilliam. Hulle het ingestaan vir die onkoste, maar die werk is onder toesig van argitek Fagan, die museum personeel, vier arbeiders en een "oorlamse" Kleurlingmesselaar gedoen.

*Hierdie geboue is almal juiste replikas en in alle gevalle is dieselfde boumateriaal en boumetodes gebruik as in die oorspronklike gebou.* Dit het soms hoofbrekens veroorsaak aangesien houtsoorte soos sederhout amper onverkrygbaar is en rou stene in die winterweer dikwels haastig met plastiese seile bedek moes word. So moes die smidswinkel se "opgekleide" mure waar lae klei opmekaar gepak is, driemaal oorgedoen word weens ontydige reën. Die messelaars kon ook nie altyd begryp hoekom daar krom en skeef gebou moes word nie en die pleisterwerk moes dikwels oorgedoen word. Oorlamse vakmanne wat nog die ou metodes beoefen, bestaan omtrent nie meer nie en selfs ouer boere met die nodige kennis, is dun gesaai. Die gebruik van 'n dissel vir die kap van populierbalke moes aangeleer word en handgemaakte spykers en skarniere is deur die museum-technikus uit ou wabande vervaardig. Die

(Vervolg op bladsy 34)



**Die heropgerigte tabakskuur van die plaas Kaffirskloof, Piketberg.**

INTRODUCING  
THE NEW MERCEDES-BENZ  
FUEL EFFICIENT CARS.  
THEY'RE WHAT THE WORLD  
NEEDS NOW.



T4103

T4104





With the earth's fuel resources decreasing, what the world needs now is cars that make fuel work harder.

Appropriately, Mercedes-Benz now announce their new Fuel Efficient cars.

Cars that are the result of pushing back the frontiers of Fuel Efficient Technology.

For example, consider the new Mercedes-Benz 380SE.

Further improvements to the V8 engine and transmission have resulted in fuel savings up to 23%.

When added to the economies realised from the new aerodynamic shape and reduced weight of the S-Class cars introduced in 1981, the overall improvement is up to 30%.

An astonishing achievement. But not an isolated one.

The 6-cylinder injection engines are now up to 10% more economical.

Persistence has even squeezed economy gains of up to 8% from the awesomely efficient diesel cars.

And advances over the past year have produced fuel savings in the 4-cylinder engines of up to 17%.

(All these figures are averages obtained over three official tests – the Common Market urban cycle and steady runs at 90 km/h and 120 km/h.)


**MODIFICATIONS THAT HAVE ENHANCED FUEL EFFICIENCY IN THE 380SE INCLUDE:**

- Increased compression ratio
- New camshafts raise torque at low speeds
- Electronic idle speed control maintains constant idle speed (especially beneficial in city driving)
- Improved cooling circuit heats engine faster
- New four-speed automatic gearbox with "economy shift pattern"
- Modified final drive ratio effectively converts fourth gear to an "economy overdrive"
- Modified stroke-bore ratio for increased torque at lower engine revolutions.

Obviously there are cars that, through their size, use less fuel than a Mercedes. But there is no car that uses fuel more efficiently.



**MERCEDES-BENZ**  
Engineered like no other car in the world.



**Kinders besig om vrugte te trap in die wynkelder.**

oorspronklike deure en venters is in baie gevalle uitgehaal en hergebruik.

Slegs een Blanke voorman en vier tuinvolk is aan die museum toegestaan en die werk kon onmoontlik behartig word. Daarom is die distrik in wyke verdeel en was daar gedurende 1979 elke tweede Dinsdag 'n boer met twintig volk (afkomstig uit sy wyk) behulpsaam op die terrien. Dikwels is 'n vrag mis, klippe, sand of 'n trekker en ploeg saamgebring. *Op hierdie wyse is daar tot op datum werk ter waarde van R120 000 verrig wat as 'n monument sal dien vir die ywer en entoesiasme van die Worcesterse gemeenskap.* Harde kontant was skaars maar deur hul arbeid en die hou van twee Oesfeeste kon ons ons ideaal bereik. Dit het ook daartoe gelei dat die mense vandag praat van "ons" museum en lede van die verskeie organisasies met trots hul deelname aan besoekers kom toon. Die tabakskuurtjie is ook die enigste gebou wat op hierdie manier heropgerig is.

'n Woord van waardering teenoor Gawie en Gwen Fagan wat tydig en ontydig, dikwels oor naweke, gewillig was om (meesal per motorfiets) uit te ry en ons te adviseer. Vandag is ons dankbaar vir hul suiwer benadering en onverskrokke eise dat alles eg moet wees. Die boukommissie het soms in opstand gekom maar hulle twee het nooit van hul koers gewyk nie! Mev. Fagan het ook die uitleg van die tuin en gronde behartig en is slegs vir haar vervoer vergoed.

Ons staan egter nog aan die vooraand van die praktiese toepassing van die opelugmuseumidee en die betrokkenheid van die gemeenskap, veral die boeregemeenskap, is hier van kardinale belang. Tans word ouer persone uit die boeregemeenskap gebruik vir baie van die demonstrasies soos rosyntjies maak, dors met perde, die gesel van rog, riembrei en



**Mnr. Hennie du Plessis maak rosyntjies met die hulp van 'n paar skoolseuns.**

die stook van witblits. Jonger boere en boervroue is gewerf om hierdie take aan te leer om kontinuïteit te verseker. Aanbiedings is ook ontvang van persone in die plaaslike ouetehuis om per geleentheid koffie te brand, seep te kook of vetkerse te maak.

### **Opvoedkundige programme**

Aangesien die museum deel is van die plaaslike skouterrein sluit die opvoedkundige programme ook by gebeure aldaar aan, byvoorbeeld:

- Tydens die jaarlikse ramveilings word 'n skaap- en wolprogram aangebied



**Voorhuis van die boerewoning, met mev. Ferreira van die ouetehuis op Worcester, wat gereeld hier koffie brand en botter karring.**

*Foto: Mev. Ethel Rosentrauch.*



**Twee boervroue besig met seepkook.**

wat insluit films, demonstrasies van spin- en weefwerk, die skeer van skape en die klassifikasie en verwerking van wol, die kleur van wol met natuurlike kleurstowwe, 'n wolborduurkursus, 'n modeparade, ens.

- Met perdesport-byeenkomste kan interessante programme aangebied word oor
  - Die geskiedenis van die perd en die verskillende soorte perde.
  - Die rol van die perd in oorlogstye.



**'n Blik op die plaaswerf met links die tabakland, met die perdemeul, smidswinkel, waenhuis-stal en winkelder na regs. In die voorgrond is ook die dorsvloer te sien.**

– Bekende perde in ons eie geskiedenis, ens.

- Die jaarlikse stokkiesveiling bied weer geleentheid vir programme rondom die wingerdstok en die stook van witblits.

Die afgelope jaar is ook 'n bak- en slagdag gehou met demonstrasies van die slag, skoonmaak en opsny van 'n vark en skaap, derms- en afval-krap, wors stop, skaapkop bak, lewer in netvet braai, kaiings uitbraai en seepkook. Saam hiermee is brood gebak in die buite-bakoond en potbrood, stokbrood, vloerbrood en roosterkoek gemaak.

'n Boereprettag word ook beplan met kleilat, kennetjie, "tjoekie", beesvel gooi, toutrek, aspaai en beesblaas skop op die program. Die moontlikhede is legio!

Die grootste taak lê by die opvoedkundige programme wat aangebied word vir skoolkinders sowel as volwasse groepe. Aan die eenkant is die samewerking van die onderwysers, skoolhoofde, inspekteurs en die Onderwysdepartement noodsaaklik, maar die boeregemeenskap en die nywerheid het net so 'n belangrike rol te speel. Dit gaan nie net om die streeks- en landbougeskiedenis nie, maar lesings en tydelike uitstallings sal onderwerpe soos die volgende ook insluit:

- Terugslae deur die boer ondervind soos droogtes, oorloë, peste en stormskade.
- voortreflike landboueiers.
- Die invloed van immigrante op die landbou.
- Die ontstaan en ontwikkeling van landboukoue en georganiseerde landbou.
- Probleme met plaasarbeid.
- Die verandering van bemarkingsmetodes en die omvang van behouering.

Dit is almal onderwerpe wat sal bydra om aan die jeug en die besoeker die probleme aan te dui waarmee die boer te kampe het en wat kan lei tot 'n beter begrip van die leefwyse op die plaas en die lewensfilosofie van die boer in die verlede sowel as in die huidige samelewing.

*(Die Plaasmuseum is daagliks oop vir besoekers van Maandae tot Saterdag van 09h00 tot 17h00)*

## **Bronne**

- Alegre, M.R.: A Guide to Museum Villages. 1978.
- American Association of Museums: Museum and the Environment. 1971.
- American Association of Museums: Museum Studies. 1973.
- Danish Ministry of Foreign Affairs: Danish Journal No. 77.
- Deutsches Museum. Munich, 1971.
- Open Air Museums (Museum Journal, 1934 Vol. 34 No. 4.)
- Partridge, M.: Early Agricultural Machinery. London, 1969.
- Schlebecker, J.T.: Whereby we thrive. Iowa, 1975.
- Smithsonian Institution: Museums in the U.S.A. & Canada. Washington.
- Unesco: Some Papers on the role of museums in Education. Paris, 1952.
- Weyns, J.: Bokrijk Zin en Zijn. Lannoo, 1970.

# Rousing interest among the young

Dr Ruth E. Gordon

At the last Annual General Meeting of the Foundation held in Pietermaritzburg on May 1st 1982, there was some discussion about how the young people of the country might be attracted to an active interest in the aims of conservation and the restoration of our old buildings and historical sites. It was deplored that young people are so keenly searching for the future that the past fails to hold them until they themselves reach middle or old age. Various ideas were mooted and Dr Eily Gledhill of Grahamstown described the tours in that area which familiarised school children with the historic importance of their environment. As the meeting was pressed for time I refrained from making my own small contribution to the discussion but do so now for the pages of *Restorica*, in the hope that my experience as teacher, lecturer and "courier" to young people may be of guidance to others.

I was for 15 years in charge of the History Department of the Natal Teachers' Training College in the historically rich old home of the Natal governors. Students from my department were constantly in the schools engaged in teaching local history. Their enthusiasm would result in little expeditions to see places of interest and be followed up by classwork – maps and charts, sketches, library research, art work and writing. In this latter category there would be not only factual material and descriptions of what they had seen and learnt, but also creative writing – what they felt or imagined – even attempts at poetry.

One class visited Durban to recapture the experiences of the siege in the Old Fort from which Dick King rode for assistance. The follow-up work was delightful. Flights of imagination were anchored to fact such as in a letter written to Col. Cloete by an old lady to complain that her back had suffered from the constant bending to get from tent to tent without becoming a target for Boer fire – she demanded compensation! Then there was a delightful little poem expressing a mother-crow's advice to her son not to fly over the camp if he wanted to avoid being someone's dinner. A really touching little poem by a Std. IV pupil was a requiem for the last horse slaughtered for food. Such visits, not merely as jaunts, but as source material for thought and study succeed in fixing the site and its history in the mind with indelible permanence.

I have a large collection of slides of historic Pietermaritzburg by means of which I can not only sketch its chronological development but focus attention on its undoubted charm and its architectural treasures. Now in my retirement I am frequently asked to show these at schools as part of a local history project with an expedition to follow where children use their own cameras and sketchbooks. Both among school children and adult organisations who enjoy them too there is always the surprised remark:

"But I have seen these places hundreds of times and never noticed them" or "I'll keep my eyes open in future" or "To think that we are surrounded by all this and have never realised it". It is the new awareness which is so important.

Very frequently I take little groups of young people on a tour of old Government House. I describe the importance of the beautiful old portico to protect the ladies' descent from their carriages in the rain, or the process of getting onto a side-saddle from a mounting-block, and so on. There is the Governor's enormous bath which fascinates children. Its plug is a long, thick copper tube and it stands on sturdy ball-and-claw feet. When the children go back to school they each write me a letter to say what they enjoyed most. The choice is varied – the stories I tell them of events and famous visitors, or the ghost Miranda who haunts the corridors, or the stream running through the cellar to cool the Governor's wine. But the favourite seems to be the bath. Often the letters are illustrated with crayon drawings and I am always quite captivated when the Governor of Natal sits in his bath in full regimentals!

I wish therefore to suggest the combined techniques of slides, visits, stories, writing and drawing and modelling as devices for cultivating a child's enthusiastic acceptance of his heritage and the tastes which lead into adult appreciation and the desire to preserve the past as the foundation of the present.

**A typical letter from a schoolchild. It is clear that this child has experienced the old buildings in a pleasant way and will grow up to be a conservation-conscious adult.**



Fairworth Junior. School,  
Groff Road,  
Scottsville,  
Pietermaritzburg.  
14<sup>th</sup> March, 1972.

Dear Dr. Gordon,

After seeing those

beautiful Historical Monuments today. I feel like living in all of them. They were absolutely lovely and your talk that went with the tour was fascinating.

Our "sightseeing" was so interesting that I'm sure nobody minded being late for lunch. But when we got back everyone fell on to it with great gusto.

Because you are so well known to us your talks do not just "go in one ear and out the other" but they "go in one ear and stay there".

Once again thank you very, very much.

Yours Sincerely



Claire Thompson.

P.S. I would have loved to sleep in one of those turrets in the Training College. Lucky Miss. Hyman said that she had slept in a room with one

# Leeuwenhof: Restourasie van die slawehuis, bo-tuin en die werf

Gwen Fagan

Hierdie is die eerste van twee artikels wat oor die restourasie van die Slawehuis, Botuin en die werf van Leeuwenhof, woning van die Administrateur van die Kaapprovinsie, geplaas word. In die eerste artikel word op die tuingedeelte gekonsentreer, terwyl die tweede artikel die restourasie van die slawehuis en Botuin sal behandel. Hierdie werk is deur die bekende restourasie-egpaar, Gawie en Gwen Fagan, in opdrag van die Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop onderneem. (Kyk ook die artikel oor mnr. Fagan op p 52).

## Geskiedkundige agtergrond

**22 Oktober 1693** Oor die 14 morg grond teen die hange van Tafelberg, later bekend as Leeuwenhof, word deur Simon van der Stel toegeken aan Guillaum Heems eienaar van Bosheuvel. Aangesien Heems toestemming gehad het om plaasprodukte en groente te verkoop, het hy waarskynlik 'n groot tuin by Leeuwenhof aangelê en moontlik geboutjies daar opgerig om sy slawe en tuiniërs en implemente te huisves. Aangesien hy by Bosheuvel gewoon het, is dit egter onwaarskynlik dat hy 'n groot woning by Leeuwenhof sou bou.

**4 Junie 1696** Heinrich Oldeland, baastuinier van die Kompanjie wat ook dokter in die medisyne was, ontvang transport maar sterf ses maande later. Sy weduwee verkoop die eiendom in Februarie 1697 aan die fiskaal Joan Blesius vir 5 000 gulden.

**28 Maart 1698** Blesius ontvang 'n her-uitgif van die leenplek Leeuwenhof nou in vrye eiendom. Op die eienaar se transport-

akte, wat tans by Leeuwenhof in die ingangsportaal hang, is daar 'n enkelverdiepinghuis met drie dakvensters geteken, wat nie op die akteskantoorakopie voorkom nie. Hierdie huis is heel waarskynlik in 1697 deur Blesius opgerig en moontlik dié een waarna hy in 'n memorandum van 2 Februarie 1710 verwys toe hy vra dat hy as fiskaal huurgeld mag ontvang vir die huis wat hy self gebou het en waarin hy al nege jaar woon. In 1705 verwys die reisiger Valentijn na die enigste twee dubbelverdiepinghuise in Kaapstad – die een van Joan Blesius en die ander van Henning Huising in Seestraat. 'n Verdere verwysing na Blesius se huis kom voor in W.A. van der Stel se Verdediging waarin die goewerneur te kenne gee dat Blesius se huis baie hoër, wyer en swieriger as sy eie was.

Dat Blesius wel 'n indrukwekkende landgoed ontwikkel het, kan afgelei word van 'n tekening in 1705 deur Van Stade gedoen, waarop die boomlanings en spoggerige fontein van Leeuwenhof se voortuin wys.

Volgens 'n dokument wat in die Ryksargief gevind is, het Blesius groente- en blomsaad uitgevoer na die VOC-tuine in Batavië. Hy moes dus soos sy voorganger Oldeland, 'n goeie kennis van plante gehad het.

**1714** Na Blesius se dood erf sy twee dogters Christina (getroud met Jacob Cruse) en Deliana (getroud met Cornelis van Beaumont) Leeuwenhof. Toe Cruse in 1719 sterf, het Christina met kinders en slawe na Batavië verhuis en in 1724 koop Deliana Christina se halfaandeel vir 2 500 gulden.

Die waarde van die eiendom het dus tot op hierdie stadium nie vermeerder nie en ons kan aanvaar dat Deliana gewoon het in die huis wat deur Joan Blesius gebou is en dat geen ander geboue bygekome het nie.

**1728** Deliana verkoop aan Aletta Beck, die weduwee van Jesse Slotsboo, vir 7 600 gulden d.w.s. 2 500 gulden meer as wat sy daarvoor betaal het, miskien as gevolg van verbeteringe tussen 1714 en 1728. Die weduwee Slotsboo het heelwat eiendomme in Kaapstad besit maar waarskynlik by Leeuwenhof gewoon. Gedurende haar besit het die waarde van Leeuwenhof verdubbel, sodat die afleiding is dat sy verdere buitegeboue en moontlik 'n tweede huisie op die eiendom aangebring het.

**1740** Daniel Godfried Carnspek, Sekretaris van die Politieke Raad en getroud met Johanna Magdalena, dogter van die invloedryke Olof Bergh, betaal 13 400 gulden en ontvang transport van Leeuwenhof. Carnspek het, soos sy voorgangers, vrugte en groente uit sy tuine in die strate in die stad verkoop en na sy dood het sy vrou vir 'n verdere tien jaar met die boerdery voortgegaan.

Die waarde van Leeuwenhof is gedurende Carnspek se besit met slegs 500 gulden verhoog.

**1763** Johan Christiaan Bresler neem transport en die waarde van die eiendom sou gedurende sy besit meer as verdriedubbel. Dit is 'n voorspoedige tyd in die Kaap, met Engeland en Nederland in oorlog gewikkel en die Franse Meuron-regiment hier gestasioneer sodat die handel nie net floreer en pryse die hoogte inskiet nie, maar Franse modes ook algemeen byval vind en in die bouwerk en alledaagse lewe weerspieël word.




Fig. 1: Blesius – Titelbewys toon die huis met dakvensters soos Vergelegen.

**1787** Bresler ontvang 'n verdere 15 morg land langs sy eiendom. Hy het toe reeds vyf jaar vroeër drie morg van Leeuwenhof afverkoop aan J.F.W. Bottiger. Dit was gedurende Bresler se besit dat uitgebreide bouwerk op Leeuwenhof begin is, soos ondersoek van die boumateriaal gedurende restaurasie sou bewys: die agterkant van die hoofhuis, slawekwartiere en twee rye pilare in sy werf blyk almal na dié tydperk te dateer.

**1788** Neeltjē van Os, weduwee Bresler, verkoop Leeuwenhof aan Hendrik Johannes Fehrsen teen 51 000 gulden op voorwaarde dat haar man se graf op die eiendom ongesteurd sou bly en dat die familie vrye toegang daarna sou behou. Fehrsen word dieselfde jaar 'n vryburger en verkry toestemming om as tuinier te boer. In 1791 kry hy ook 'n konsessie om walvisse te jag. Hierdie besigheid het so goed verloop dat hy 'n walvisvangmaatskappy gestig het wat later ook handel gedryf het met Nederland en Ceylon. In 1798 raak hy egter bankrot en sterf kort daarna. Die volgende jaar word Leeuwenhof vir 80 000 gulden verkoop.

Die ekonomiese groei wat op die eerste Britse besetting gevolg het, verklaar waarskynlik die hoër prys, maar dit is nietemin moontlik dat Fehrsen die hoofhuis uitgebrei het en die eiendom gedurende sy besitting verbeter het.


**1799** Die volgende eienaar, Johan Michiel Elser sterf drie weke nadat hy oordrag verkry, en die eiendom word aan Johannes Zorn vir 10 000 gulden meer verkoop.

Zorn was vanaf 1799 vir 26 jaar eienaar van Leeuwenhof en na sy dood het sy weduwee en stiefseun, Hendrik Cloete, nog 10 jaar daar gewoon.

**1814-1827** Verdere grond word aan die bergkant aan Zorn toegeken om die totaal op 93 morg te staan te bring – die grootste wat Leeuwenhof ooit was. Zorn se eiendom word met groot lof deur die reisigers Burchell en Latrobe beskryf en toe hy in 1809 die eerste landdros van Kaapstad word, sou Leeuwenhof met sy swierige huis, 35 000 wingerdstokke, 40 slawe, sy uitgestrekte tuin, sy versameling voëls en diere, voorwaar 'n indrukwekkende Kaapse landgoed word.

**1836** Hendrik Cloete, Zorn se stiefseun, verkoop Leeuwenhof gedurende die depressie wat op die vrystelling van die slawe volg, aan Thomas West wat 'n regter was en Direkteur van die Cape of Good Hope Steam and Navigation Company. Toe hy (West) weer Leeuwenhof na twee jaar verkoop, was daar drie kleiner geboue op die eiendom – vermoedelik Oak Cottage, die slawehuis en 'n nuwe huisie bekend as Grove Cottage (nou Bo-tuin). Dié geboutjies is heel waarskynlik deur die Zorns opgerig.

**1838** Joseph Upjohn, 'n saadhandelaar en bloemis, word eienaar, maar aangesien sy sake nie vlot nie, verhuur hy een van die kleiner huisies sowel as die hoofhuis terwyl hy self in



**Fig. 3: Plan wat die geboue-uitleg van Leeuwenhof toon. Die eerste, tweede en derde terras kom in hierdie artikel ter sprake.**

een van sy kleiner huisies intrek. Hy verkoop 'n gedeelte van Leeuwenhof aan Petrus Johannes Kotze wat die huis bekend as La Belle Alliance op sy eiendom aanbou.

Die persoon wat gedurende Upjohn se besit in die hoofhuis gewoon het was Charles Palmer wat later "hoofopsigter" van die leër geword het.

**1840** Uit Upjohn se insolvente boedel koop Christoffel Joseph Brand Leeuwenhof en op die vendusie word die eiendom beskryf as "Spacious family mansion, three cottages and extensive stabling and offices" – 'n gepaste woning vir 'n man wat later eerste Speaker van die Kaapse Parlement sou word.

Toe Christoffel Brand by Leeuwenhof intrek, was sy oudste seun Johannes Hendrikus, 17 jaar oud. Dié seun wat hierna na Europa sou vertrek om in die regte te studeer, sou later President van die Oranje Vrystaat word.


Brand se geldelike sake het weens familieverpligtinge ook nie gevlot nie en toe sy vriend Gert de Wet vir wie hy borg gestaan het, bankrot speel, was Brand ook insolvent. Hy het eers sy groot huis verhuur en self in die twee kleiner huisies in die agterplaas ingetrek, maar later moes hy instem dat Leeuwenhof op openbare veiling verkoop word.

**1881** Lewis en Marks koop Leeuwenhof wat nou slegs 2 morg groot is as gevolg van onderverdeling. Hulle woon nie hier nie en verhuur al die huise.

**1885** Lewis word alleeneienaar en na die eerste wêreldoorlog kom woon hy daar nadat sekere veranderings en herstelwerk aan die hoofhuis gedoen is – onder andere 'n erker ("bay window") wat by die linker agterkamer uitgebrei is om 'n biljarttafel te huisves.

**1910** Oak Cottage is nog steeds verhuur maar Grove Cottage, die slawekwartiere en buitegeboue is verkoop aan William Pead wat met sy familie hier kom woon.

Pead se kinders het eers in die slawehuis gewoon (daarvoor is badkamers ingebou) maar later is dit as 'n koeistal gebruik en 'n melkkamer is in die middel van die grasperk opgerig.



**Fig. 2: Leeuwenhof in die laat 19de eeu met slawehuis daaragter sigbaar.**



**Fig. 4:** 'n Duimpie by een pilaar het die posisie van 'n vroeëre hek aangedui.

**1935** Mev. Van Zyl, regter Helm van Zyl se moeder, koop Grove Cottage en bring verskeie veranderinge aan. 'n Agterplasing word aan die tuinkant aangebou, die agtervensters van die gebou wat soortgelyk aan die voorvensters was (volgens mev. Wessen, gebore Pead) is verander en die slawehuis word van koeistal weer tot woonhuis verander met vensters, deure en vloerteëls afkomstig van die gesloopte Oranjezicht. Tussen die slawehuis en Grove Cottage laat bou sy hekpilare vir 'n ouysterhek, wat moontlik ook van Oranjezicht afkomstig was.

*Nota: Hierdie opsomming is grootliks gemaak van "Leeuwenhof – Die kronieke van 'n Kaapse Herehuis" deur A.J.B. de Klerk. Ekstensiewe navorsing in die Akteskantoor en argiewe het nie veel meer lig op hierdie geskiedenis gewerp as wat in mnr. De Klerk se boekie voorkom nie.*

### Ondersoek van die tuin


Intensiewe ondersoek is gedoen na die tuinuitleg en baie interessante gegewens het na vore gekom.

Leeuwenhof se agterplaas is in drie vlakke verdeel deur twee dwarsmure waarin daar op ongereelde afstande pilare voorgekom het. Die drie tuintjies, so gevorm, is op informele wyse met palm, bougainvillea, grasperk, moderne struik en bome beplant. Daar was ook 'n opslag inheemse bome, sommige waarvan reg teenaan die mure gegroei het. Dwarsslote wat in die boonste tuin gegrawe is, het klipplaveiselpaadjies 'n meter onder die huidige grondvlak aangedui.

Ondersoek van die baksteenwerk, na pleisterverwydering op pilare en tussenmure, het bevestig dat die pilare, gebou met halfgebrande rooi stene en swart grond-dagha, oorspronklik alleen gestaan het voordat mure tussen hulle gebou is met soortgelyke stene maar met geel klei-dagha. 'n Duimpie by een pilaar het die posisie van 'n vroeë hek op die hoofas van die herehuis aangedui (Fig. 4) en later is ook die onderste spijkarnier van 'n tweede hek op dieselfde as gevind in 'n blootgestelde granietplaveiklip. Toe die latere muur op grondvlak in die hekposisie weggebreek en ondersoek is, het die hard-



**Fig. 5:** Die hardgebrande steenplaveisel van 'n ou trappie wat na opgrawings te voorskyn gekom het.



**Fig. 6:** Die werwe van 16de en 17de eeu se huise soos hier uitgebeeld in Amsterdam was baie dikwels omhein met gemesselde pilare met houttralies tussenin en soortgelyke tralies kom ook in Batavië voor.

gebrande steenplaveisel van 'n ou trappie te voorskyn gekom. (Fig. 5)

Noudat daar vasgestel is dat twee rye pilare in die Leeuwenhof agterwerf bestaan het, is navorsing gedoen om vas te stel hoe algemeen sulke kolonnades in Kaapstad was, wanneer hulle voorgekom het en hoeveel nog bestaan.


Benewens 'n foto van Leeuwenhof in die laat 19e eeu waarop 'n kolonnade met tussenmure in die agterplaas te sien is, is heelwat voorbeelde van kolonnades gevind, waaronder:

- Om Constantia se agterplaas is gemesselde pilare met houttralies tussenin te sien op 'n Elliot-foto vermoedelik geneem voor die brand van 1925.
- Op 'n skildery van ds. Fleck se huis (waar tans die Mount Nelson staan) is daar in die agterplaas 'n kolonnade met tralies tussenin.
- By Stellenberg is tans nog pilare met houttralies wat die agterwerf omsluit. (Fig. 7)
- Aan beide kante van 'n pragtige ou hek, vroeër die ingang na die Boshoff-landgoed en nou 'n nasionale monument, is houttralies tussen gemesselde pilare, hoewel die gedraaide kopies van die tralies afgebreek is.

Dit het vir ons al hoe duideliker geword dat die mure wat in ongeveer 1830 tussen die pilare by Leeuwenhof se werf opgerig is vroeëre houttralies vervang het, moontlik soortgelyk aan dié wat nog by die Boshoff- en Stellenberghekke bestaan; dat 'n paadjie op die hoofas van die herehuis se agterdeur tot by die slawehuis se voordeur gestrek het met trappies wat die drie terrasse met mekaar verbind en dat daar op die bestaande



**Fig. 7: Hekke by Stellenberg wat ook as voorbeeld kon dien vir die ontwerp van die hekke by Leeuwenhof.**



**Fig. 8: Met die wegbreek van 'n buitemuur van Oak Cottage is hierdie volmaakte kiaatreling met stukkie van die houtralies daarin, ontdek.**

duimpies in die pilare, bypassende traliehekke geswaai het sodat die drie tuine van mekaar afgesluit kon word.


Nadat die tussenmure verwyder is, kon die baksteenwerk van die losstaande pilare versigtig ondersoek word en is gevind dat op konstante hoogtes in elke pilaar 'n vroeëre opening met latere messelwerk gevul is net bokant 'n ingeboude leiklip. Nou het ons geweet dat die leiklip die reling gedra het en het dit ons ook geluk om kiaatoorblyfsels te vind in die toegemesselde gate.

Maar soos met soveel restourasiewerk die geval is, was dit ook hier die onverwagte bevinding wat ons die inligting verskaf het wat nodig sou wees vir die finale detaillering van die traliewerk. Met die wegbreek van 'n aangeboude kamer aan die bergkant van Oak Cottage het ons gevind dat die kolonnade vroeër hier verbygeloop het. In die buitemuur kon twee kolom-


me uitgekien en oopgemaak word en met nog verdere wegbreek het 'n volmaakte kiaatreling met stukkie van die houtralies daarin, te voorskyn gekom! (Fig. 8)

Dit was vir ons interessant om die mate van die tralies te vergelyk met 'n soortgelyke omheining wat deur Thibault in die laat 19de eeu vir Tuynhuys se kombuistuin beplan is: Gedurende die restaurasie van dié huis is die ou kolomme ook in 'n muur herontdek, en Tuynhuys se kolomme en die ronde tralies-paaltjies het nou geblyk op dieselfde mate as dié van Leeuwenhof te wees. (Fig. 9)

Ons tekeninge vir die houtralies en hekke kon met al die inligting tot ons beskikking nou ontwerp word. (Fig. 10)





**Fig. 9: Die Thibault-tekening van 'n ontwerp vir die kombuistuin van Tuynhuys uit die laat 19de eeu. (Die dotjies is die tralies).**




**Fig. 10: Ontwerp vir die kolumnades, Leeuwenhof.**





**Fig. 11, 12, 13: Drie foto's van Leeuwenhof se voortuin deur die bekende fotograaf Elliot geneem.**



### **Beplanning van die tuin**

Noudat die werfuitleg in breë trekke vasgestel en beplan is, het die vraag onwillekeurig ontstaan hoe die formele ingeslote tuintjies op die drie terrasse daar vroeër uitgesien het en is daar versoek dat navorsing gedoen en 'n tuinplan opgestel word.

Soos die Elliot-foto's wys, was daar 'n besondere mooi voortuin by Leeuwenhof, (Fig 11 – 13) maar daar is ongelukkig geen soortgelyke rekord van die vroeër werftuin in die agterplaas gevind nie.

In 1811 het die reisiger Burchell, Zorn se pragtige huis beskryf en hy vertel ook van 'n voëlhok waarin allerlei Suid-Afrikaanse en eksotiese voëls gehuisves was. Vyf jaar later het Latrobe ook die huis besonder mooi gevind en het veral die pragtige pergola by die voorstoep hom opgeval.

Afgesien van die Kompanjie se tuin, wat taamlik breedvoerig deur verskillende vroeë reisigers beskryf en geteken word, is daar maar min inligting oor tuine in die Kaap van die laat 18de eeu. Tekeninge van Nuweland en Rondebosch se tuine wat in die Delftse Topografiese Dienst opgespoor is, gee egter 'n blik oor die algemene beplanningstrant van die laat 18de eeu van die meer welgestelde Kaapse burger en word dit baie duidelik dat die formele Franse Renaissance-styl wat van Versailles af tuintuig dwarsoor Europa beïnvloed het, ook hier in die verre Kaap 'n weerklank gehad het. Maar met die Meuron-regiment hier gestasioneer en die aktiewe bydrae van Thibault is dit geen wonder dat sy leerling Joseph Jones in 1790 'n Kaapstad kan teken wat soos 'n klein Parys daar uitgesien het nie.

Aangesien die kolonnade-omsluite kombuistuin wat Thibault vir Tuynhuys geteken het baie ooreenkom met die Leeuwenhofwerftuin kan daar redelik afgelei word dat indien die Franse argitek nie self die tuin beplan het nie, hy ten minste 'n duidelike invloed daarop gehad het net soos by Nuweland en Rondebosch.

Trouens die fynbeplande agterwerf toon al die formele eienskappe van 'n Franse Renaissance-tuin met hoofas vanaf herehuis-voor deur tot by geboogde slawehuis-ingang, kolonnade dwarsaste, steentrappies om die drie ingeslote tuintjies met mekaar te verbind terwyl die aanwesigheid van Tafelberg se massiewe hange, die atmosfeer indrukwekkend aanvul.

'n Geometriese uitleg om die sentrale paadjie kon nou vir elkeen van die drie tuine beplan word tesame met trappies, fontein, sonnewyser, kruike en al die verdere elemente wat deel van so 'n omsluite formele ruimte uitmaak. Stene vir die fontein en trappies is spesiaal gemaak op die patroon van bestaande steentjies by die herehuis se voorstoep; die sonnewyserontwerp is afgelei van 'n 1750 leiklip-sonnewyser by Contermanskloof terwyl die voetstukontwerp soortgelyk is aan Hollandse Renaissance-voorbeelde. Beddings is geometries beplan en omhein deur lae heininkies en hoewel die hoofpaadjie van bergklip-plaveisel gemaak word, is die tussenpaadjies van gruis.

Vir die suksesvolle voltooiing van so 'n historiese atmosfeer sou dit nodig wees om plante van die 19de eeu daar te plant en gevolglik is so 'n lys opgestel en aangeheg by die algemene plan. In Engeland is die "National Trust"-tuine wat met outydse rose, kruie, struik en vrugtebome gerestoureer is, nie net interessant nie, maar buitengewoon mooi en besonder gewild by toeriste.

Die onderste tuinmuur word versag met pers heliotroop wat tesame met die ou ligroos Chinese struikroos dwarsdeur die jaar kleur en geur aan die werf gee. Beddingkies op die terras word met variëteite van die ou Persiese roos (Gallica) geplant en die roosbeddings bly altyd netjies deur hulle te omlin met grys "Lavender Cotton" (Santolina chamaecypariss) gesnyde heiningkies. Tussen die rose word wit St. Joseph-lelies, af-fodille, narsings en pers en wit irisse geplant sodat daar dwarsdeur die jaar wanneer die rose nie blom nie, kleur kan wees.

By die oostehoek van die terras word drie tot vier growwe-skil-suurlemoenbome geplant wat immergroen is en sodoende die wit pladak daaragter wegsteek.

Gepaste kruie op die treetjopilare sou beter inpas by die ou tuin as die moderne Everite-bakke wat tans in die agterplaas staan. Hule ontwerp sou soortgelyk wees aan dié by Stellenberg.

Dit is jammer dat met die huidige informele plantwyse en moderne plante wat gebruik is om die tuin te voltooi die waardevolle kans om die enigste outentieke 18de eeuse kombuis-tuin in Suid-Afrika te restoureer verongeluk is.




Fig. 15: Skets van die voorgestelde tuin.




Fig. 14: Skets van die voorgestelde tuin.




Fig. 16: Die werftuin soos voorgestel. Dit is egter nie so uitgevoer nie.

# Die vierde vaste reeks posseëls van die R.S.A.


## Deon Jooste

Die geboue-erfenis van 'n volk is 'n tasbare en sigbare weergawe van sy geskiedenis. Hierdie geboue dui nie net die aard van die volk aan nie maar is dikwels ook 'n spieëlbeeld van sy prestasies. Die belangrikste funksie van die geboue-erfenis is egter dat dit die lewenswaardes reflekteer van die ontwikkelende volk en die invloed van hierdie waardes is kumulatief. Voorts word die kenmerke van elke periode in die geskiedenis ook weerspieël en dikwels oorvleuel die een met die ander. Dit word op verskillende maniere gemanifesteer; in bv. argitektoniese style, die literatuur en musiek. Op hierdie wyse word die verlede-beeld van enige volk sistematies deur 'n verskeidenheid van kulturele aktiwiteite gestruktureer.

Die historiese geboue wat op die vierde reeks posseëls van die Republiek van Suid-Afrika uitgebeeld word, is 'n treffende weerspieëling van verskillende fasette van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en sy samelewing.

Die vestiging van die Westerse beskawing aan die suidpunt van Afrika sedert 1652 word weerspieël deur die Kaaps-Hollandse geboue soos Morgenster en Leeuwenhof wat mettertyd opgerig is. Die betekenis hiervan is egter veel meer as 'n blote aanduiding van die herkoms van die setlaars. Die strukture openbaar 'n besliste inheemse karakter – hulle oprigters het verinheems en permanente inwoners geword in hulle nuwe vaderland. Voorts is hierdie geboue soos ook die ander wat in die reeks voorkom goeie voorbeelde van die gehalte van vakmanskap en argitektuur wat hier te lande ontwikkel het. Die sin vir ordelikheid, dissipline en gesag van die verskillende owerhede wat hier regeer het, vind sy neerslag in die vroeë regeringsgeboue wat in die omgewing van die Kaap en elders opgerig is. Die Kasteel, die drosdye te Swellendam en Graaff-Reinet asook die Provoosgebou in Grahamstad het verskillende fasette van die regeringsgesag verteenwoordig.

Die hedendaagse demokratiese bestel in Suid-Afrika, gefundeer op die tradisie van die Westerse beskawing en aangepas om in die land se besondere behoeftes te






voorsien, word uitgebeeld deur die geboue wat die plaaslike provinsiale en sentrale owerheidsgesag verteenwoordig. Die onafhanklikheid van die regbank, soos afgebeeld deur die geboue waarin die Appèlhof in Bloemfontein gehuisves word, dra verder by om hierdie demokratiese beeld te bestendig.

Die Vierde Vaste Reeks posseëls is dus in der waarheid 'n sigbare weergawe van die belangrike aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die eietydse staatsbestel. Dit toon aan dat die tradisie en waardes wat in Suid-Afrika gehandhaaf word, ingebed is in die Westerse beskawing en dat hulle tans nog steeds vir die inwoners van die land van besondere betekenis is.

**Die direkteur van die Stigting Simon van der Stel, mnr. Deon Jooste, is deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese genader om 'n navorsingstuk op te stel, wat as toeligting tot die vierde vaste reeks posseëls uitgegee is. Tydens 'n funksie aangebied by die geleentheid van die vrystelling van die seëls, is 'n reeks seëls asook 'n eksemplaar van die publikasie deur mnr. Jooste opgestel, deur dr. Meliring Naudé, nasionale voorsitter van die Stigting, namens mnr. Jooste in ontvangs geneem. Die Stigting voel geëerd dat sy direkteur tot hierdie grootste projek 'n bydrae kon maak.**

Red.



# ***Suid-Afrika wen met Barclays. Want Barclays is die bank met wenkrag.***

Barclays het die wenkrag om jou in 'n oogwenk 'n wenner te maak. Want met ons stukrag, mense en middele kan ons enige finansiële geriewe wat jy mag nodig kry, daarstel. Vinnig. En vaardig.

Ons personeel is meer as 22 000 sterk. Hulle is deeglik opgelei. Hoogs gemotiveerd. En ons het meer as 1 100 dienspunte dwarsdeur Suid-Afrika, selfs in die kleinste dorpies.

Daar's meer as 140 finansiële dienste. Van essaïering en bate-oorsigte tot uitvoerbaarheid-studies en plaasbestuur.

Ons bates oorskry R10-

miljard. Dus kan ons oornag miljoene gereed hê.

En as lid van 'n internasionale bankgroep word ons verteenwoordig in meer as 75 verskillende lande ter wêreld.

As jy 'n tjekrekening wil open. 'n Oorsese reis oorweeg. Of inligting soek oor buitelandsevaluta-neigings.

Barclays het die wenkrag om jou te laat wen.



## **BARCLAYS**

\* BARCLAYS-NASIONALE BANK BEPERK. GEREISTREERDE HANDELSBANK

### ***Ons het die wenkrag om jou te laat wen.***

# Die name van die Bastions in die Kasteel te Kaapstad

C. de Jong

**O Fort, Kasteel, vyfpuntige gebou, straalsteen in die suidelike donker, strale van Oranje, Buren en Nassau, Leerdam, Katzenellenbogen – flonker oor die brokkige hoofland wat wyd tussen see en see en oop hemele strek, altyd 'n gidsster in die groot stryd van binneland in Sy naam ontdek.**

So besing D.J. Opperman in sy “Joernaal van Jorik” die Kasteel in Kaapstad, die belangrikste bouwerk uit die tydperk van die Vereenigde Oost-Indische Compagnie in Suid-Afrika. Die stervormige grondplan van die Kasteel is vir hom simbool van 'n ster wat 'n ligglans van Christendom en beskawing oor donker Afrika uitstraal.

Sommige Afrikaners sal hulle afvra wat die name van die vyf bastions of bolwerke, wat daarop aangebring is, beteken. Dit is aardrykskundige name, maar waarna verwys hulle?

Die Nederlanders het baie versterkings of forte in hul uitgestrekte oorsese kolonies gestig en daarby hul eie wetenskap van vestingbou ontwikkel, onafhanklik van die beroemde latere vestingboukunde van die Fransman Vauban in die 17de eeu. Hulle het aan die bastions – dit is die vooruitspringende bolwerke op die hoeke van die vyf- of seskantige vestingomtrek – dikwels Nederlandse name gegee. Jan van Riebeeck het as hoof van die nuwe verversingspos van die V.O.C. aan Tafelbaai 'n klein fort laat bou en aan die vier bastions daarvan die name van vier skepe gegee. Dit was die skepe wat sy personeel en uitrusting vir die nuwe stasie aan Tafelbaai uit Nederland daarheen vervoer het. Sodoende wou hy die herinnering aan die stigters van dié stasie bewaar. Die suidelike bolwerk het ‘Drommedaris’ geheet, die oostelike ‘Walvis’, die westelike ‘Olifant’ en die noordelike ‘Reyger’.

Die grondwal van sy fortjie het tien jaar later verspoel en 'n groter kasteel met sterk mure van messelwerk is in 1666, midde in die tweede Engelse oorlog (1665-67) begin. Die bouwerk is hervat en voltooi tydens die derde Engelse oorlog (1672-74) en die oorlog met Frankryk (1672-78). Tydens die besoek van Kommissaris-generaal Dirk Blom, hoof van die V.O.C., se retoervloot aan Kaapstad, is op 26 April 1679 die vyf bolwerke vernoem na besittings van Prins Willem III: Oranje, Nassau, Katzenellenbogen, Buren en Leerdam.

Dié naamgewing was 'n erbewys aan stadhouer Prins Willem III (1650-1702). Ná die eerste stadhouerlose tydperk (1650-1672) het die State-Generaal hom tot stadhouer benoem. Die aanleiding was die wanhopige staatkundige en militêre toestand van die Republiek in 1672, toe Brittanje, Frankryk en die Duitse vorste van Munster en Keulen oorlog met die Republiek verklaar het en die volk om 'n Oranje-Nassauer as redder uit die nood geroep het. Willem III het, ondanks sy jeugdige leeftyd van 21 jaar en sy gebrek aan staatkundige en militêre ervaring, Nederland uit sy verkorsing gered en die volk se dankbaarheid hiervoor was groot.

Die vyf vermelde name is titels van die huis van Oranje-Nassau en verwys na besittings van dié huis. Die meeste daarvan het in die loop van die 17de – 19de eeu verlore gegaan, maar volgens vorstelike gebruik het die vorste van Oranje-Nassau die ou titels behou. Koningin Beatrix van Nederland het nog 44 titels. Dit is te veel om te vermeld en daarom laat die vorste sedert die einde van die 18de eeu die meeste weg en volg na “Oranje-Nassau” gewoonlijk kortweg: “enz., enz., enz.”.

Oor die herkoms van die name op die bastions van die Kaapstadse Kasteel volg hier toeligting:

Die naam *Nassau* is dié van 'n Middeleeuse graafskap in die Duitse Rynland. Die kasteel Dillenburg was die stamslot van die grawe van Nassau tot wie Prins Willem I (1533-84), die bevryder van die Nederlande van die Spaanse gesag, behoort het.

*Oranje* was 'n prinsdom in Suid-Frankryk, 'n enklawe in die graafskap Venaissau met Avignon as hoofstad. Die graafskap – later prinsdom – Oranje was al bekend in die tyd van Karel die Grote (742-814). In 1544 is die toenmalige prins van Oranje, René de Châlon, (1519-44) kinderloos oorlede. Hy het in diens van keiser Karel V (1500-58) geval by die beleg van Saint Dizier in die oorlog teen Frankryk. Hy het sy prinsdom bemaak aan 'n vol neef, die elfjarige oudste seun Willem van Willem die Ryke, graaf van Nassau, en Juliana van Stolberg. Aangesien prins 'n hoër adellike titel as graaf is, het Willem (die bevryder van Nederland) en sy nageslag hulle voortaan “prins van Oranje-Nassau” genoem. Nie een van hulle het Oranje ooit besoek nie en koning Lodewyk XIV van Frankryk het dit geannekseer. Tog was hulle trots op dié titel en hulle het dit steeds gevoer tot vandag toe.

*Katzenellenbogen* is 'n klein stad in die Duitse Rynland, 25 kilometer suidwes van Limburg aan die Lahn. Jan V, graaf van Nassau (1455-1516), het getrou met Anna, erfdogter van die graaf van Katzenellenbogen. Sy seun Willem die Ryke van Nassau het die graafskap Katzenellenbogen van sy moeder geërf. Hy moes egter tot 1557 met die landgraaf van Hessen prosedeer, wat ook aanspraak op dié graafskap gemaak het. Daarna is dit aan die besittings van die grawe van Nassau toegevoeg.

*Buren* is 'n miniatuurstadje van Middeleeuse oorsprong in die Betuwe by Tiel in Nederland en is nou in sy geheel tot nasionale monument verklaar. Dit was 'n ou en klein graafskap, twisappel tussen die Boergondiese vorstehuis in die Nederlande en hul sterkste teenstander in hierdie geweste, die hertoë van Gelre (Gelderland). Die erfdogter van die graafskap Buren, Anna, was ook die ryk gravin van Egmond. Sy is in 1551 getroud met prins Willem I van Oranje-Nassau en het die graafskap Buren aan die huis van Oranje-Nassau gebring. As koningin Wilhelmina (1880-1962) incognito, d.w.s. sonder haar koninklike pligte, wou reis, het sy haar dikwels gravin van Buren genoem.

Tenslotte *Leerdam*. Dit is 'n stadje aan die river van Linge in die provinsie Zuid-Holland dig by die grens met Gelderland, tans bekend weens die vervaardiging van mooi glaswerk. In die Middeleeue het die heerlijkheid – later graafskap – Leerdam aan aansienlike adellike geslante in Holland behoort, eers die Arkels, daarna die Egmonds. Anna, gravin van Egmond, Buren en Leerdam, het deur haar huwelik met prins Willem I van Oranje-Nassau ook Leerdam aan die besittings van die Oranje-Nassau toegevoeg. Die Bataafse Republiek (1795-1806) was anti-Oranje-gesind en het in 1797 die graafskap Leerdam opgehef en by die nasionale Domeine gevoeg.

Dit is interessant dat daar ook 'n band tussen die Oranje-Nassau en die stad Culemborg, geboorteplek van Jan van Riebeeck, bestaan. Hulle is naamlik ook tans graaf van Culemborg. Die grawe van dié stad en omgewing het in 1639 uitgesteef. Die graafskap het aan die Duitse vorstehuis Saksen-Hildburghausen gekom, wat dit in 1720 aan die State van die Kwartier van Nijmegen in Gelderland verkoop het. Hierdie State het in 1748 die graafskap Culemborg aan prins Willem IV van Oranje-Nassau geskenk. Hy was stadhouer van Friesland tydens die tweede stadhouerlose tydperk (1702-48) ná die dood van Willem III. Hy is in 1748 tot (erf)stadhouer van die orige ses provinsies van die Republiek verklaar. Daar was naamlik weer 'n ernstige staatkundige en militêre krisis weens die oorlog met Frankryk en die opmars van Franse soldate na die suide van die Republiek. Die volk het weer om 'n Oranje as redder uit die nood geroep en die here aan die bewind het weer toegegee. Vandaar die kompliment van die here in Nijmegen aan die nuwe stadhouer. Hy het inderdaad tot die verbygaan van die krisis bygedra.

Dit is merkwaardig dat nou nog in Suid-Afrika die herinnering aan halfvergete eretitels van die vorstehuis van Oranje-Nassau op die mure van die Kasteel in Kaapstad bewaar word.

# Hoffmansrust

## Josias Hoffman – Eerste Vrystaatse President

G.S. Hofmeyr

Josias Philippus Hoffman is op 31 Desember 1807 in Stellenbosch gebore. Sy vader (Josias senior) was 'n invloedryke plaaslike sakeman. Hy was onder andere van 1840 tot 1842 eerste voorsitter van Stellenbosch se Raad vir Kommissarisse, of te wel burgemeester. Die jong seun het ondanks hierdie agtergrond min formele opleiding ontvang en was grotendeels 'n outodidak.

Interessant genoeg, was die latere president nie net 'n pioniersfiguur in die Vrystaat nie, maar ook in Natal: Josias en sy vader was in 1824 onder 'n groep van sowat dertig "immigrante" wat onder leiding van Francis Farewell en Henry Fynn in Port Natal geland het. Hulle primitiewe nedersetting kan beskou word as die begin van die huidige Durban se groei. Die Hoffmans en die meeste ander setlaars het ná 'n paar maande na die Kaap teruggekeer, veral vanweë swak handelsvoorsigte en uit vrees vir Tsjaka. By sy aankoms in Kaapstad het die jong Josias blykbaar van die skip in 'n bootjie geval waarna hy permanent kreupel was.

Die volgende sowat twintig jaar het Hoffman 'n rustelose bestaan gevoer. Hy was van 1825 tot 1830 by sy vader werksaam en was daarna tot 1838 winkelier en bouer in Kaapstad. Hier is hy in Augustus 1830 met sy niggie, Marthina Johanna, getroud. Vier kinders is uit die huwelik gebore. Die gesin het in 1840 na die latere Smithfield-distrik in die O.V.S. verhuis waar Josias onderwyser was. Hierna was hy weer transportryer met gereelde besoeke aan Natal en die destydse Basoetoland.

Op hierdie wyse het Hoffman goed bevriend geraak met Moshweshwe, Opperhoof van die Basoeto-nasie, vir wie hy ook 'n woonhuis by Thaba Bosigo opgerig het. In 1847 het Josias die plaas Jammerbergdrijf aan die Caledonrivier van Moshweshwe ontvang, vermoedelik as beloning vir die bou van die huis.

Die latere President het, veral ná die anneksasie van die Transoranjegebied in 1848, aktief in die politiek begin belangstel. In Junie 1852 vind ons hom as een van die afgevaardigdes wat kommissarisse W. Hogge en C. Owen ontmoet het om oor die toekoms van die sogenaamde Oranjerivier-soewereiniteit te onderhandel. Hoewel Hoffman nie ten gunste van die herroeping van die Britse anneksasie van 1848 was nie, was hy niemin weer benoem as Smithfield se lid van die "Raad van Representanten" om reëlins vir die terugtrekking met Sir George Clerk te tref. Dié samesprekings met Clerk, as Spesiale Britse Kommissaris, is in September 1853 gehou.

'n Tweede reeks onderhandelinge met Clerk het van 15 tot 23 Februarie 1854 plaasgevind. Josias Hoffman is by dié geleentheid tot "stoelbekleeder" (voorsitter) gekies. Hy het dus noodwendig 'n prominente rol in die samesprekings gespeel wat op 23 Februarie gelei het tot die bekende Bloemfonteinse konvensie. Hiermee is die onafhanklikheid van die Oranjerivier-soewereiniteit verseël.

Hierna is Hoffman weer as voorlopige president van die "Provisioneel Gouvernement" aangestel. By die formele presidentsverkieping op 15 Mei 1854 het hy vervolgens 624 stemme behaal wat verreweg die meeste van die vier kandidate was. J.N. Boshoff, wat 'n jaar later self as president ingesweer is, kon toe net 18 stemme op hom verenig.

Josias Philippus Hoffman se belangrikste taak as eerste staatspresident van die Oranje-Vrystaat sou wees om die grensvraagstuk met die Basoeto's te probeer oplos. Dit was op 'n kritieke stadium toe geen vaste grense nog bepaal is nie en kapteins soos Witsi gereeld onrus veroorsaak het. Die Basoetonasie het toe ook reeds meer as 70 000 siele getel teenoor 12 859 Blankes (in 1856). Onder hierdie omstandighede was Hoffman in elk geval verplig om 'n beleid van vreedsame onderhandelinge met die Basoeto's te volg. Sy vriendskap met Moshweshwe was vir hom (en vir die jong Republiek) in dié opsig van groot waarde.

Aanvanklik was daar betreklike rus en vrede tussen die Vrystaters en Basoeto's omdat die Basoeto-opperhoof ingenome was met Josias Hoffman se verkiesing. Met die vestiging van kaptein Witsi en sy volgelinge in die huidige Witsieshoek-omgewing, asook probleme met kaptein Moperi onder andere, was die vrede maar van korte duur. Ná 'n onsuksesvolle sending van die President na Witsi, was hy genoodsaak om samesprekings met Moshweshwe te hou om te protesteer teen al die grensskendings.

Die samesprekings het op 16 Augustus 1854 by Thaba Bosigo begin en het op 18 Augustus verdaag sonder dat uitsluitel oor grensafbakening verkry is. Voor die President se afskeid het die Opperhoof 'n hoeveelheid kruit van hom versoek vanweë al die saluutskote wat ter ere van hom afgevuur is en weer sou word met sy vertrek. Hoffman het toe in die volle geselskap se teenwoordigheid 'n hoeveelheid kruit belowe as blyk van vriendskap en erkentlikheid. Hy het egter nagelaat dat die waarnemende sekretaris, J. Raaff, die belofte notuleer. Op 6 September het die President vervolgens vyftig pond kruit aan Moshweshwe gestuur.

Tydens 'n buitengewone Volksraadsitting in September 1854, het Josias Hoffman formeel verslag oor die samesprekings gedoen. Hy het niks oor die buskruit gemeld nie, veral omdat M.W. Pretorius van die Transvaal teenwoordig was. Dit was op 'n stadium toe baie Vrystaters ten gunste was van 'n verenigde republiek noord van die Oranjerivier. In teenstelling met Pretorius was Hoffman nie te vinde vir só 'n stap nie. Die verenigingsgesindes of "Maatschappijers" in die Vrystaat wou dus graag die regering omverwerp en Pretorius as president van beide Republieke sien. Onder sulke omstandighede het die Vrystaatse President verkies om te swyg oor die kruit.

Na dié Volksraadsitting is gerugte versprei dat Hoffman onwettig kruit na die Basoeto-opperhoof gesmokkel het. Een van die verenigingsgesindes, G. Linde, het ook 'n formele klag voor die Staatssekretaris gelê. Die President was gevolglik verplig om tydens die volgende sitting in Februarie 1855 op die beskuldigings te antwoord. Hy het op 8 Februarie die skenking erken asook dat daar in die oorspronklike verslag geen melding daarvan gemaak is nie.

Die volgende dag is 'n mosie ingedien dat Hoffman skuldig aan 'n "hooge misdaad" is. Dit is gevolg deur 'n amendement tot die teendeel hoewel gevoel is dat die President tog berispe moes word. Die oorspronklike mosie is met 15 teen 11 stemme aanvaar. Aangesien die vereiste volstreekte meerderheid nie

verkry is nie kon president Hoffman nog in sy amp aanby.

Na die vergadering het die gevoelens egter só hoog geloop dat Josias Hoffman op 10 Februarie 1855 as eerste Vrystaatse president bedank het.

Dit was duidelik dat die relatief onbelangrike kruitvat-episode as verskoning deur Hoffman se vyande aangegryp is om hom te dwing om te bedank. Josias Philippus Hoffman het hom ná sy bedanking op sy plaas Slookkraal in die Wepener-distrik gevestig. Hy het hom nie heeltemal uit die openbare lewe onttrek nie en het hom soms selfs nog in die brandpunt van Vrystaatse politieke polemieke bevind. Hoffman het later al meer 'n vereenssaamde openbare figuur geword en hom op sy boerdery toegeëp. Hy is op 13 Oktober 1879 oorlede en op Slookkraal begrawe. Dit is gepas dat die plaas se naam nou na Hoffmansrust verander is.

Hoewel Josias Philippus Hoffman vir minder as 'n jaar die hoogste amp van die Vrystaatse Republiek beklee het, het hy tog belangrike administratiewe en staatkundige grondslae as eerste president gelê. Hy het ook in 'n krisistyd daarin geslaag om 'n toestand van relatiewe vrede met die Basoeto's te handhaaf. Naas die bekende Hoffmansplein in Bloemfontein, sal die gerestoureerde woning op Hoffmansrust as permanente driedimensionele herinnering dien aan hierdie veelsydige maar ook veelbesproke Vrystaatse staatsman.

## Die huise van pres. Hoffman of Hoffmansrust


P.J. Nienaber

### Die kleihuis

Daar was drie huise op Hoffmansrust, volgens 'n brief van 3 Junie 1982 van mnr. N.G.M. Hoffman, kleinseun van pres. Hoffman. Hy was 'n seun van Daniel Hoffman, seun van pres. Hoffman; mnr. N.G.M. Hoffman is reeds 99 jaar oud. Hy skryf: "Twee van (die huise was) van klei, en die groot woonhuis wat nog op Hoffmansrus staan; hulle was al drie deur my grootvader bewoon." Ons neem aan dat die tweede huis die kleihuis is wat gerestoureer is, die derde huis die groot Republikeinse huis wat nog staan. Van die eerste kleihuis is geen spoor te vind nie, behalwe moontlik 'n fondament. Of was dit miskien 'n hart-beeshuis?

Die tweede kleihuis is in 1855 gebou nadat Hoffman afgetree het as president. Om by hierdie datum te kom, haal ons aan uit 'n brief (10 Junie 1982) van dr. W.A. Venter van die Universiteit van Zoeloeland, waarin hy die verskillende woonplekke van die president opnoem: "Hoffman het in 1847 die plaas Jammerbergdrif van Mosjesj ontvang, en in 1848 Slookkraal (ná sy dood verander na Hoffmansrust) van twee burgers gekoop. Hy het egter nie dadelik op een van die twee plase gaan woon nie. Wanneer hy nie transport gery het nie, het hy lang tydperke op verskillende sendingstasies gewoon, waar hy woonhuise vir die sendelinge opgerig het, bv. Beersheba, Morija en Mohaleshoek. In 1849 vestig hy hom op Groenvlei, dist. Smithfield, maar verhuis in 1853 na Jammerbergdrif, wat dieselfde jaar uit sy hande raak. In 1854 tot die neerlegging van sy amp is hy in Bloemfontein woonagtig, dus tot Februarie 1855. Ek vermoed dat hy in hierdie jaar, terwyl sy gesin op die plaas Groenvlei vertoef het, die kleihuis op Slookkraal opgerig het."

In 1953 het James Walton die murasie besoek, 'n tekening van die grondplan gemaak, en ook 'n foto van die huis geneem. (*Vroeë plase en nedersettings in die Oranje-Vrystaat*. Kaapstad, 1955). Dit is die oudste foto wat beskikbaar is. Ons het in besit gekom van 'n familie-album met verskeie foto's van die president, maar daar is geen foto van die huis nie. By kleinkinders en agterkleinkinders is navraag gedoen. Mnr. N.G.M. Hoffman van Clocolan het 'n goeie beskrywing gegee van die kaggel; dit word bevestig deur 'n agterkleindogter, mev. W.A. Brown van



Die murasie van die kleihuis op Hoffmansrust voor restourasie.

Foto: J. Walton.

Bloemfontein. Volgens Walton se grondplan was daar nie 'n kaggel nie, maar die plek waar die kaggel ingebou was in die noordmuur, is nog duidelik te sien; die plek van die kaggel was toegestapel met klippe. Hier het ons die kaggel aangebring volgens die beskrywing, en die mate verstrekk deur mnr. N.G.M. Hoffman. (Vgl. ook die artikel van dr. C.J.P. le Roux in *Restorica* 8).

Terloops, daar word beweer dat met die beleg van Jammerbergdrif deur genl. C.R. de Wet in 1900, 'n bom die huis se grasdak getref en afgestroop het. Na die oorlog het die boer van die plaas 'n sinkdak opgesit, en op dié wyse die kleimure beskerm.

Die kleimure was handgesmeer met beesmis en klei, maar kon tog nie die aanslae van reënstorms weerstaan nie. Die kleimure was in ieder geval besonder sterk as 'n mens daaraan dink dat dié huis byna 'n ander-halfeeu oud is, en die mure, hoewel verweer, nog staan. Plaaslike leemgrond is losgemaak, op 'n hoop gewerk, met water gemeng; strooi of beesmis is bygevoeg as bindmateriaal, en dan is osse daarvoor heen gegaag, soos perde oor 'n dorsvloer. Die klei is deeglik gebrei, en sodra die klei aan die osse se hoewe vasgeklou het, was dit gereed om gebruik te word. (Vgl. Walton, t.a.p., bl. 14).\*

Eers is die fondament van blouysterklip uit die randjie digby tot op 'n hoogte van 0,61 m gebou; klei is gebruik as voegmateriaal. Dit was 'n reghoekige gebou: 12,19 m by 5,49 m. Nou is die gebreide klei gebruik en in lae gelê op die fondament; 0,61 m dik. Elke laag was gemiddeld 508 mm hoog. Die lae is waarskynlik met 'n graaf gelyk afgewerk. Die huis se voor- en agteraansig het uit vier van hierdie lae tot vensterhoogte bestaan; bokant die deur en vensters was nog twee lae (hulle is nog duidelik te sien op die foto van die murasie). Die twee gewelmure (syaansigte) was nog 1,83 m hoër. Die twee gewelmure van die huis het gedeeltelik oorgebly, en is daarom deur die restoureerders opgeklei tot die nodige hoogte vir die dak.

Die huis het drie vertrekke gehad: 'n woonkamer in die middel, 'n slaapkamer aan die suidekant, en 'n kombuis aan die noordekant. Twee kleimiddelmure is weer ingebou om die vertrekke af te skort. Die mure het elk 'n deuropening teen die agtermuur, elkeen afgeskort met 'n gordyn. Die gordyn van sis hang aan houtringe wat skuif oor 'n ronde lat. Die mure is handgepleister met beesmisklei, binne en buite.


Die kombuis mure en gewel aan die noordekant moes feitlik in sy geheel oorgeklei word. Die sesde laag aan die westekant (agterkant) moes ook in sy geheel vervang word; dit is waarskynlik deur die boer afgebreek om die sinkdak 'n val te gee.

\*Tydens 'n onlangse besoek aan kleistrukture in die Vrystaat kon na ondersoek geen tekens van strooi in die klei gevind word nie. Strooi-oorblyfsels is sover bekend ook nog nie in kleistrukture in Transvaal aangetref nie. (Red.)

Die mure aan die buitekant was op plekke uitgehol deur die reent en wind en moes opgeklei word tot die nodige dikte.

Die vloere is gemaak soos die misvloere destyds. Miershoop is fyngestamp, met water gemeng en tot 'n redelike dikte gelê en gelyk gesmeer. Om die oppervlakte hard te kry, is die vloer met beesmis en beesbloed gesmeer (vandag gebruik museums ook roulynolie en koue lym; die vloer word hard en blink.)

Vir die dak van die huis was veertien kapbalke nodig. Onbewerkte wilgerbalke is gebruik. Aan die bopunte is hulle vasgepen om die nok van die dak te vorm. Die kapbalke is met hanebalke (ook van wilger) verbind. Verbinding geskied deur middel van houtpenne, soos in die geval van die bopunte van kapbalke. Oor die kapbalke word wilgerdwarsslatte vasgemaak met riempies. Oorspronklik is dekgras gebruik om die huis te dek, maar omdat gras nie meer te kry is nie, is vandag met die restourasie dekriet gebruik. Die rietdak is 1,83 m hoog en het 'n oorhang van 305 mm.



Detail van die opgeleide mure.

Al die probleme kon met restourasie opgelos word, behalwe die vraag hoe die deure en vensters daar uitgesien het. Daar was baie duidelik net een voordeur aan die suidekant, in die middel van die woonkamer, en weerskante is vensters. Die boer het egter die twee vensters met deure vervang, sodat daar drie deure was. Die nodige verandering is aangebring. Aan die agterkant het elke kamer 'n venster gehad vir die Swart bewoners – dus drie. Oorspronklik moes daar (ook volgens Walton) 'n agterdeur in die agtermuur regoor die voordeur gewees het. Dit is nou aangebring, met behoud van die twee vensters weerskante van die agterdeur.

Nou is die kwelvraag: hoe het die deure en vensters gelyk? Was die vensters glasvensters, of luikvensters? Die lateie bokant die deure en vensters is die oorspronklike, en volgens Walton is dit geelhout. Ons weet dat geelhout in Port Elizabeth en Durban gehaal is vir pioniershuise, en ook by Katrivier. Die boumateriaal vir die huis van eerw. Pellissier op Bethulie is in 1834 in Port Elizabeth gaan haal – ook die deure en

glasvensters. Wat by my swaar weeg, is dat pres. Hoffman baie duidelik in dieselfde tyd as wat hy sy eie huis gebou het, ook Mosjes se huis op Thaba Bosigo opgerig het – ongeveer 1855. Kyk ons na die huis van Mosjes deur Webber in 1839, dan sien ons Westerse deure, en moontlik glasvensters. Pres. Hoffman sou tog seker vir homself ook glasvensters ingesit het. Hy was ook 'n transportryer en het gereeld Baai toe gegaan. Vir die derde huis op Hoffmansrust het Daniel Hoffman boumateriaal in Durban gaan haal. So skryf die seun van Daniël, N.G.M. Hoffman, op 3 Junie 1982: "My oorlede vader (Daniel) het vertel dat hy die geelhout bou materiaal met die vensters en deure met 'n bokwa en osse op Durban gaan haal het." Die deure en vensters van die kleihuis was donkerbruin geverf.

Ons het die glasvensters van die kleihuis voorsien van houtluike om 'n besondere rede. By restourasie is daar soets soos *funksionaliteit* ook. Omstandighede moet in aanmerking geneem word: die huis van pres. Hoffman is ongelukkig omring deur vier Swart huise. Die gevaar van beskadiging en inbraak hoef nie oorbeklemtoon te word nie. (Die Vryburgers het die huis wel afgekamp). Daarom moes die vensters beskerm word met luike. Leerskarniere kan ook nie gebruik word nie.

Om dieselfde rede is teen die vensteropening besluit, wat deur dr. C.J.P. le Roux in 'n artikel in *Restorica 9* beskryf is: "Die vensters was 609 mm breed en 508 mm hoog, en het oor wilgerhoutrame beskik. Die vensteropening word met wilgerhoutplanke wat aan twee skarniere van roubeesvel hang, bedek. Die rouvelskarniere is 762 mm lank en 508 mm breed." (Word bedoel 7,62 en 5,08 mm?)

Nog 'n veiligheidsrede vir ons keuse van deure en vensters, is geleë in die feit dat die Vrystaatse Museumdiens van plan is om van die Hoffmanhuis 'n museumhuis te maak, verteenwoordigend van die tydperk rondom die middel van die vorige eeu. Oor die meubels kan daar nie getwyfel word nie, want ons het daarin geslaag om oorspronklike meubels van die president by sy agterkleinkinders te kry in die distrik Wepener, en in Bloemfontein: 'n geelhoutspieëlkas, riempiesmatgeelhoutstoele, 'n buffet, silwer eetgereedskap, baie kombuisware, sy bed, ens.

Naby die huise van pres. Hoffman is die plaaskerkhof met 'n ringmuur. Hier lê begrawe die president en sy vrou, albei oorlede in 1879. Leigrafstene dui die grafte aan. Daar rus ook nog ander familielede; die laaste een is in 1975 daar begrawe. Die kerkhof was in 'n baie verwaarloosde toestand. Die eer vir die herstel van verskeie grafstene (ook mev. Hoffman s'n) en grafte kom toe aan AVBOB.

Hoffmansrust is 'n historiese plaas. Tuinmure en kraalmure deur pres. Hoffman gebou, hoewel verwaarloos, is nog te sien. 'n Besondere beesdip lê naby die kerkhof. Dit is 'n pragvoorbeeld van 'n beesdip uit die vorige eeu.

Met die twee gerestoureerde huise op Hoffmansrust en Rietfontein, sal die era van die Vrystaatse Republiek herleef, en sal onderskeidelik die eerste en die laaste Vrystaatse presidente op die wyse vereer word. Terselfdertyd dien die kleihuis van pres. Hoffman, en die Steynhuis van bewerkte ysterklip, as tipiese voorbeelde van die pioniersboukuns. Dit is twee belangrike Vrystaatse kultuurhistoriese bakens wat die Vrystaatse Museumdiens vir die nageslag behou wil laat bly.

Met die restourasie van pres. Hoffman se huis onder leiding van die Direkteur van die Vrystaatse Museumdiens, het die Vryburgers van Bloemfontein vir bewaring 'n groot slag geslaan. Die Vryburgers en mnr. Coetzee en die vriendekring van Wepener het saamgespan en self die restourasie gedoen – saamgespan met geld, maar ook saamgespan met die bouwerk en self die werk gedoen, met uitsondering van die opkleiwerk en die smeer van die mure, wat deur Swartes gedoen is.

### Die Derde Plaashuis

Die groter huis of derde huis op Hoffmansrust is in die Republikeinse tyd gebou en beskik oor 'n geskiedenis wat tot ver in die negentiende eeu terugstrek. Die plaashuis is besonder bewaeringswaardig, aangesien dit volgens 'n agterkleinkind van president Hoffman te wete mnr. N.G.M. Hoffman, wat vandag 99 jaar oud is en op Clocolan woonagtig, in 1866 deur die president self gebou is. Die president, wat in 1879 oorlede is, het



dus 'n goeie dertien jaar in die huis gewoon. In 'n brief van 3 Junie 1982 skryf mnr. N.G.M. Hoffman dat sy vader, Daniël, in die-huis gewoon het. "Nadat my vader getrou het, het hy met my moeder saam met sy ouers (die president en sy vrou) daarin gewoon. My vader en moeder moes in min of meer 1865, óf kort daarvoor óf kort daarna, getrou het."

Dr. W.A. Venter van die Universiteit van Zoeloeland gee die datum aan as vermoedelik 1872. Hy skryf op 10 Junie 1982: "Ek vermoed dat die nuwe huis nie vóór 1872 gebou is nie: In Oktober 1864 verwys hy (pres. Hoffman) nog steeds na die "huttje"; gedurende 1865-66 vind die Tweede Basoeto-oorlog plaas (en sou hy sekerlik nie gebou het nie), en in Februarie 1867 vestig hy hom op die plaas Blesbokfontein in die distrik Boshof. Hier vertoef hy tot aan die einde van 1871, toe hy na Slookraal terugkeer. Die kleihuis sou ongetwyfeld toe nie meer bruikbaar gewees het nie en sy kleindogter, mev. S. van Biljon, vertel dat hy toe vir hom "'n mooi, groot huis" opgerig het. Alles dui dus daarop dat dit in 1872 geskied het. Die bekende J.M. Orpen, wat hom in hierdie tyd besoek het, getuig ook dat hy nog 'n uiters bedrywige lewe gevoer het, dus het hy sekerlik die bouwerk self behartig, en hier het hy gebly tot met sy dood in Oktober 1879."

Die derde huis is destyds met 'n grasdak en brandsolder toegerus. Die houtwerk van die huis, soos bv. die dakbalke, vloere en vensterrame is met geelhout gedoen. Die hortjies voor die vensters was ook van geelhout. Mnr. N.G.M. Hoffman maak die volgende belangrike mededeling in 'n brief van 3

Junie 1982. "My oorlede vader (Daniël Hoffman) het vertel dat hy die geelhout bou-materiaal met die vensters en deure met 'n bokwa en osse op Durban gaan haal het."

Aanvanklik het slegs die voorste twee groot vertrekke wat saam met die vóoraansig van die huis suidoos gefront het, te wete die woon- en eetvertrek, geelhoutvloere gehad. Die res van die huis het grondvloere gehad. Mettertyd het die ander vertrekke, vier slaapkamers, die kombuis en spens ook plankvloere gekry. Die plafon van die huis was van lap, en die dak van dekgras.

Die huis, wat in lengte van noord na suid gestaan het, het in 1908 enkele veranderings ondergaan. Aan die suidpunt is 'n vleuel na die westekant aangebou. Die noordelike kant van die huis is vandag nog die oorspronklike. Die 18 duim-dik mure is van rou bakstene gebou met klipfondamente. Die grasdak is met sink en die plafonne met dennehout vervang. Die mure van die vertrekke is met papier geplak. Die lang voorstoep van die huis is van leiklip.

Hierdie imposante Republikeinse plaashuis op Hoffmansrust is benewens die woonhuis van president M.T. Steyn op Onze Rust, (die kleihuis uitgesonderd) die enigste bestaande huis van 'n Vrystaatse president. Met enkele wysigings is dit nog in sy oorspronklike toestand. Dit is slegs drie kilometer vanaf die nasionale pad tussen Wepener en Dewetsdorp geleë, en tien kilometer vanaf Wepener. Hierdie ou presidentswoning wat nou gevaar staan om in 'n pakhuis omskep te word, behoort vir die nageslag behoue te bly.

**Die derde huis van pres. Hoffman op Hoffmansrust.**



# Historic Buildings Conservation – by the People for the People

Dr Walter Peters

*School of Architecture, University of Natal*

The very existence of an amenity society such as the Simon van der Stel Foundation depends upon the enthusiasm and support of people of all ages and all walks of life. The Foundation should however make a particular effort to interest and involve young business and professional men and women for they represent the future of the Foundation.

## **Environmental awareness**

As its major role the Simon van der Stel Foundation sees the promoting of an understanding and application of the concept of historic buildings conservation. But before any understanding or appreciation is possible, it is necessary to develop an interest in historical values and perception of the aesthetic elements in architecture and the built environment, hence a good starting point is to familiarise people with their own town.

Arousing interest for the historical quality and visual character of an older area can be an exciting activity and could involve children as well. A walk encompassing a structured series of experiences could be organised to help people heighten their perception, careful attention being given to sensory, perceptive and aesthetic elements. The walk should be structured to include specific stops where people would be asked to observe details and then to perform a specified task e.g. list each of the textures that they perceived at a given point, or close their eyes and enumerate all the sounds they hear, or circle from a list of adjectives their response to a particular environment. Children could be asked to draw and describe the buildings en route.

## **Architecture watching**

Just as a bird watcher carries a manual or guide, a pair of binoculars or a camera, a field notebook and a pen or pencil, so could an "architecture watcher". People could be encouraged to recognise the characteristics of different styles of architecture present in South Africa. For this purpose the actual building is far more exciting than a photograph. Understanding buildings will contribute greatly to the enjoyment of the local built environment and foster the need to preserve buildings of quality.

## **Town planning**

An involvement in the processes behind town planning could lead to a better understanding of the disposition of the built form of a town. This activity can be carried out in an historical approach by plotting "annular rings" of growth on a map. The chronological development could be amplified by locating the major land uses on each map: housing areas, shopping areas, services, public buildings, and recreational spaces. People may hereby discover concepts which could be applied in the interest of improving and preserving their environments.

## **Conservation planning**

Many old buildings are structurally sound and could continue to exist as viable community resources, yet from a town-planning point of view they may be stifling development. Conservation should be thought of long before buildings are about to be demolished and whole blocks could be included in a conservation plan.

A group of people could be asked to imagine the future of a building or a row of buildings to be in jeopardy and present a case why the town needs those buildings and why they are still viable resources. Another group could be asked to present a

case for demolition and redevelopment. After both groups have presented their cases, everyone could see both sides of the conservation issue. Certain members could be asked to assume the roles of e.g. the owner, the estate agent or the architect.

## **Fighting conservation battles**

If a building is threatened with demolition, it is the broad involvement of society as a whole in finding solutions that can make conservation an exciting activity. By participating in this activity, members will be playing a practical part in the Foundation's vital work in conservation. New uses for the building could be considered and one should investigate the needs for the reuse of the building as e.g. a youth hostel.

## **Excursions**

A well planned trip to another area is always an exciting activity. Provided the tour is well organised, possibly with the prior distribution of background information in the form of a guide, the tour could be informative and also enjoyable. Group concessions on transport and accommodation could provide an added attraction to participants, especially families. The excursion notes referred to should always be included giving others the benefit of following up on their own should they pass that way.

## **Newsletters**

These could be cheaply produced e.g. on newsprint and should be sent out regularly spreading news and keeping branches informed of each others' activities. In addition a quarterly or biennial journal containing longer and better illustrated articles should be circulated. Children's features should be included, for the young must be helped to cherish the legacy of past generations that they value the beauty and specialty of old buildings.

## **Public Relations**

In the nature of any club or society, attendance is stimulated if events can be enjoyed and the club is alive. Local branches should therefore publicise their activities and concerns in the local press and radio. Further support could be won by means of lectures, films, visits, plays and patronage of music and drama as a natural complement to the main function of conservation. If the image is promoted that conservation involvement can be fun, then young members are more likely to be attracted.

## **Post-script**

In the nature of their training, architects are probably best equipped to plan walks and excursions etc. But this effort should be seen as an investment. A long-term advantage could be a positive attitude which architecture needs if it is to be understood and valued by society in general.

## **Acknowledgement**

Of great assistance in compiling this article was the book "Historic preservation Education" by Olsen Lytle Architects. This publication won the 1981 Research Award of the American magazine *Progressive Architecture*. It may be ordered from Education Concepts group, 315 South State, Champaign, Illinois 61820, USA at \$12.95 plus \$2 for shipping.

# MERIT AWARDS

The Simon van der Stel Foundation awarded three medals during its Annual General Meeting held in Pietermaritzburg in April this year to Mr Hans Fransen, Mr Gawie Fagan and to Historic Houses of South Africa Limited. Merit awards are presented only in exceptional cases on the recommendation by the National Council of the Simon van der Stel Foundation to meritorious persons or institutions.

## Mr Hans Fransen

Research is the cornerstone of scientific conservation. One of our leading personalities in the field of restoration and preservation of our cultural heritage is Mr Hans Fransen. He has made substantial contributions to our knowledge of buildings both historically and architecturally.

He started his career in Amsterdam where he studied architecture. In 1955 he settled in South Africa and took a course in the History of Art through UNISA. He entered the museum service as curator of the Michaelis Collection in Cape Town and later moved to the Stellenbosch Museum and Groot Constantia. In 1972 he was appointed assistant director of the South African National Art Gallery in Cape Town and is now senior lecturer in the History of Art at the Natal University in Pietermaritzburg.

After the disastrous earthquake at Tulbagh in 1969 he was involved in this reconstruction project from the beginning. He soon became interested in the South African Art Society serving as chairman of the Western Cape Branch and later as vice president from 1975 to 1978.

His abiding interest in architecture led to a joint publication along with the late Dr Mary Cook. This book, entitled *The Old Houses of the Cape 1965*, is a collector's item. With this publication the first attempt was made to produce an inventory of Cape Dutch architecture. Further publications followed at regular intervals: *Architectural Beauty of the Old Cape as seen by Arthur Ellior* in 1969, which is today used extensively by restorers of old buildings.

*Guide to the Museums of South Africa*, 1969 and revised in 1977, a standard publication on South African Museums.

*The Cape Chair* 1971

*Groot Constantia* 1972

*Discover historical Stellenbosch* 1979 written jointly with Christo Botha.

*Drie Eeue Kuns in Suid-Afrika* 1981. This monumental work includes sculpture, architecture and applied fine art over a period of three centuries.

*The Old buildings of the Cape* 1981 was written jointly with the late Dr Mary Cook. This book covers a much wider field than their previous publication on old houses, and is certainly one of the best reference books in this field.

This list of publications is evidence of the outstanding contribution which Mr Fransen has rendered to the architectural history of South Africa.

In South Africa, Hans Fransen will always be remembered as one of the pioneers in the history of architecture.



## Historiese Huise van Suid-Afrika


Die doel met die Stigting van Historiese Huise van Suid-Afrika Beperk is reeds in 1966 duidelik soos volg geformuleer: "... om geboue wat vanweë historiese of estetiese oorewegings 'n skakel met ons verlede vorm, aan te koop, te restoreer en te verhuur, en so doende te verseker dat hulle vir die nageslag bewaar bly."

Met hierdie suiwere en lofwaardige doelstelling het die maatskappy in 1960 begin met 'n aanvangskapitaal van R234 000,00. Die maatskappy het onmiddellik sukses behaal en die eerste jaar is afgesluit met 'n netto bedryfswins van R13 413,00. Aanvanklik het die maatskappy uit 136 stigterslede bestaan waarvan 36 publieke maatskappye was. In hierdie verband moet dr. Anton Rupert volkome gelyk gegee word toe hy die volgende opmerking gemaak het: "Daar was seker nog nooit in ons land 'n onderneming wat so 'n groot aantal maatskappye, met soveel uiteenlopende belange, in één gemeenskaplike organisasie, met so 'n sterk kultuurinslag, saamgesnoer het nie."

Die aandelekapitaal het intussen toegeneem tot R555 000,00 en in die vorige boekjaar is 'n netto wins van R42 476,00 gemaak wat 'n aansienlike styging was bó die wins van die vorige boekjaar. Dit het bewys dat restaurasie en bewaring ekonomies verantwoordbaar is.

Met verloop van tyd het die maatskappy meer as honderd huise van besondere historiese en/of estetiese betekenis aangekoop en gerestoureer. Op talle dorpe in Suid-Afrika, soos Graaff-Reinet, Swellendam, Stellenbosch, Paarl, Tulbagh en elders, staan die geboue as sigbare kultuurhistoriese bakens en monumente van die vergesigte van die direksie en bestuur van die maatskappy. Meer nog, die optrede van Historiese Huise het onteenseglik daartoe bygedra dat ander maatskappye ook met restaurasiewerk begin het. Dit is voorts ook so dat van die gerestoureerde geboue besondere gemeenskapdiens verrig. In hierdie verband word gedink aan Huis Vergenoegd in die Paarl wat deel vorm van 'n kompleks vir die dorp se ouer persone. 'n Ander treffende voorbeeld is die Hester Rupert-kunsmuseum op Graaff-Reinet. Nie net is hierdie besondere geboue bewaar nie, maar word besoekers se kulturele behoeftes op die wieke van die kuns na hoër hoogtes gevoer.

Geen verwysing na Historiese Huise van Suid-Afrika is volledig sonder verwysing na sy voorsitter sedert sy stigting, naamlik, dr. Anton Rupert nie. Oor bewaring van ons gebouerfenis het dr. Rupert homself in duidelike en verstaanbare taal



**Dr. Anton Rupert, Voorsitter, Historiese Huise van Suid-Afrika Beperk**

soos volg uitgedruk: "... ons historiese geboue is sigbare, tasbare geskiedenis en ons oortuigendste bewys aan 'n kritiese wêreld dat daar meer as drie eeue reeds 'n ordelike Westerse beskawing op die suidpunt van Afrika bestaan en floreer. Dit is ons bewys aan die buitewêreld dat ons hier tuishoort, dat dit ons vaderland is wat ons getem, beskaaf, ontwikkel en lief het."


Die rol wat dr. Rupert in bewaring in Suid-Afrika gespeel het, kan moeilik uitgedruk word. In die geskiedenis-annale van hierdie land sal dr. Rupert se naam deur historici lewend gehou word, nie net as sakeman nie, maar ook as kultuurmens wat daarin geslaag het om bô die gewoon-menslike uit te styg om 'n ryke erfenis aan sy volk en land na te laat.

## Mnr. Gawie Fagan

Ten einde enige restourasieprojek wetenskaplik en sinvol af te handel, is dit noodsaaklik dat vooraf deeglike navorsing gedoen word, waarna 'n verantwoorde restourasiebeleid geformuleer word wat ten slotte in die praktyk gestalte kry.

Die uitlewing van genoemde restourasiebeginsels deur Gawie Fagan, het meegebring dat sy naam al feitlik sinoniem geword het met bewaring in Suid-Afrika – ten spyte daarvan dat hy as argitek ook bekend is vir die moderne ontwerp van geboue wanneer hy opdragte van dié aard uitvoer.

Dit was veral ná 1969 dat Gawie Fagan in die kollig van bewaring gekom het. Reeds vóór hierdie tyd was hy aktief op hierdie terrien, maar die aardskudding wat op 29 September 1969 die Noord-Boland geskud het, het aan hierdie onderneemende argitek die kans gebied waarvoor hy waarskynlik lank gewag het. Kort na die stof gaan lê het, was hy saam met Hans



Fransen en ander op die toneel in Tulbagh om die skade te evalueer. Ná die totstandkoming van die Tulbagh-restourasiekomitee is hy as verantwoordelike argitek aangestel om die totale projek op Tulbagh te behartig.

Hierdie besluit van die Tulbagh-Restourasiekomitee het in der waarheid 'n nuwe era vir bewaring in Suid-Afrika ingelei. Tot dusver is meesal enkele geboue gerestoureer – nou moes 'n hele straat en ook nog ander groepe geboue bewaar word. Op hierdie wyse het die konsep van die bewaring van hele straat-aansigte praktiese gestalte gekry.

Gawie Fagan moes dus in meer as een opsig baanbrekerswerk doen. Aktief bygestaan deur sy vrou Gwen, wat veral baie van die navorsing onderneem het, is 'n restourasieprojek onderneem wat die land se verbeelding beetgepak het. In die proses is waardevolle kennis ook opgedoen in verband met boutegniese en boumateriale van weleer, asook van die geskiedenis van Tulbagh en sy omgewing. Dit alles is opgeneem in die werk "*Kerkstraat in't Land van Waveren*", deur die Fagan-egpaar.

Daar is talle ander restourasieprojekte wat deur mnr. Fagan onderneem is en almal kan nie in besonderhede bespreek word nie. Dit is egter ook noodsaaklik dat die aandag gevestig word op die restourasie van Boschendal. Onlangs is die restourasie van Tuijnhuis afgehandel asook Leeuwenhof, beide in Kaapstad terwyl mnr. Fagan ook betrokke is by die restourasie van sekere van die geboue in Daljosaphat, Paarl.

Die betrokkenheid van mnr. Fagan by restourasie oor die afgelope jare het daartoe gelei dat ander instansies hom ook begin raadpleeg het oor bewaringsbeleid. In hierdie verband word hy deur die sentrale owerheid, die provinsiale owerheid asook plaaslike owerhede as gesaghebbende aanvaar en moet hy hierdie instansies dikwels van advies bedien. Mnr. Fagan is ook 'n gewaardeerde raadslid van die Stigting Simon van der Stel. Ook binne professionele verband as lid van die Kaapse Provinsiale Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte, speel hy 'n toonaangewende rol.

Maar mnr. Fagan sal seker die eerste wees om te erken dat hy baie van sy sukses moet toeskryf aan sy eggenote, Gwen. Daar het in die jongste tyd artikels uit haar pen in *Restorica* verskyn wat lewende getuigenis is van haar deeglike navorsing. (Kyk ook artikel op bladsy 37) Mnr. Fagan sal sekerlik nie omgee om 'n stukkie van sy medalje met sy vrou Gwen te deel nie!

Mnr. Fagan is dié soort van argitek wat die Stigting Simon van der Stel graag met restourasiewerk geassosieer wil sien. Sy kritiese dog wetenskaplike insameling en evaluering van feite, sy verantwoordelike en verantwoordbare wyse van restourasie en sy voortdurende strewe na sinvolle bewaring, maak hom een van die leiers op die gebied van gebou-restourasie.

A country that has lost its past is like a person who has lost his memory, and South Africa can never afford that. We must start to develop a public awareness of the importance of our historical assets.

Mr. H.M.J. van Rensburg, M.P.  
The Star, 12 May 1982.

# South African memorials outside South Africa (III)

## South African War Memorial, Richmond, England

S.G. Campbell


*Director of Information Services, Commonwealth War Graves Commission.*

During the First World War, a large force of South African troops served in France and Belgium, and this naturally required a considerable network of camps, supply bases and medical facilities to be established in England. As soon as it was known that these troops were on their way, a number of prominent South Africans in England—under the Chairmanship of Lord Gladstone, a former Governor General—formed the South African Hospital and Comforts Fund Committee. One of the main aims of the Committee was to ensure that the wounded were provided with the best hospital facilities available, and in June 1916 the South African Hospital was established in Richmond Park, London. In July 1918 the War Office, becoming aware that the nearby Richmond Military Hospital was also practically filled with South African patients, proposed to the Committee that the two hospitals should be amalgamated into one, to form the South African Military Hospital. This was agreed and the combined units, including emergency wards and with out-patients billeted in the neighbourhood, were soon to have a capacity of over 1500 beds.

In the nearby Richmond Cemetery, a section, known as "Soldiers' Corner" had been set aside for the burial of the less fortunate. In this plot, mostly in adjoining graves, were buried 39 South Africans from the Richmond Hospital. The South African Hospital and Comforts Fund Committee purchased the burial rights to these graves, and they also bought a small plot of adjacent land on which they intended to erect a suitable memorial. To design this memorial the Committee employed no less a personage than Sir Edwin Lutyens. This leading architect of the day, having begun his career as a designer of traditional country houses, had now become a disciplined classicist in the grand manner. The outbreak of war found him already collaborating with Sir Herbert Baker in the vast plan for the city of New Delhi. He had also become, as had Baker, a principal architect for the Imperial War Graves Commission and the architect of the Cenotaph in Whitehall. The design Lutyens produced, a fifteen foot high granite memorial, bears a strong resemblance in miniature to his Cenotaph; it carries the inscription in English and Afrikaans "Union is Strength" and "To our Glorious Dead". The head of a Springbok is carved into the face.



**South African War Memorial,  
Richmond Cemetery.**



The erection of the memorial was, however, preceded by some argument as to its site and appropriateness. The Imperial War Graves Commission, responsible for the marking and tending of all the graves within the war graves plot, had planned to erect one of the monuments now common to all its war cemeteries and plots, the Portland stone Cross of Sacrifice designed by Sir Reginald Blomfield. The Commission felt that the erection of two powerfully evocative memorial features in such a small plot, of less than 100 graves in total, would create conflicting foci of interest, especially in view of the conspicuous position of the South African memorial. In an attempt to reach a compromise, Lutyens himself was prevailed upon by the Commission to produce an alternative siting for this memorial, but the Committee (whose interests were strongly represented by Sir Otto Beit, a Director of the British South Africa Company) would not be moved from its original intention. The Commission, which had learned of the South African proposals late in the day, was therefore forced to accept the position with good grace, and the Memorial was erected in early 1921, with the Cross of Sacrifice following shortly afterwards in a secondary position.

The memorial was officially unveiled by Field Marshal Smuts on 30 June 1921, the dedication being performed by the Bishop of St Albans, formerly the Bishop of Pretoria. Throughout the 1920s and 1930s, the Richmond Memorial, as it became known, was a focal point for South African pilgrimages, although the Hospital and Comforts Fund Committee has ceased to function in 1921. With the passing of the years, while the graves continued to be tended, the memorial's existence became more or less forgotten, even by the South African Embassy in London: In 1981 however it was brought again to their notice by a South African citizen resident in England, and the Commission (now the Commonwealth War Graves Commission) has readily agreed to take on its maintenance on behalf of the South African Government. This same year the Ambassador intends to attend a Remembrance Ceremony in Richmond and to lay a wreath at what is a unique South African memorial in Britain, a renewed pledge that the memory of those who died for a common cause shall not be permitted to fade.



## Volkskas het geriefsdienste en rondreisgeld vir elkeen van jou hierdie-keer- kom-jy-saam-dae.

Sakereise. Sy't al aanvaar sy gaan nooit saam nie. Dink net hoe verras gaan sy wees as jy volgende keer met twee kaartjies by die huis opdaag. Volkskas se kredietkaarte, buitelandse valuta en reisdienste kan sakereisdag maklik in vakansiedag help verander. Maar Volkskas bied jou ook baie ander dienste. Soos die gerieflike Volkskas Kitsbank vir al daardie ek-is-al-weer-te-laai-vir-die-bank-dag. Beleggingsdienste vir daardie waar-kry-ek-nou-eintlik-die-hoogste-opbrengs-dag. Finansiering vir daardie ek-dink-ons-kan-'n-seiljag-bekostig-skat-dag. Selfs reisversekering vir daardie ons-tasse-het-tussen-Heathrow-en-Rome-weggeraak-dag. Plus boedel- en trustdienste en 'n menigte ander dienste vir elkeen van jou sakesuksesdag. Kom gesels gerus met jou Volkskas-bestuurder. Hy gesels graag met jou.

**Volkskas** 

Jou bankgenoot deur dik en dun.

# Die Fichardt-huis

## 'n Kleinood uit die Vrystaatse verlede

Karel Schoeman

In die negentiende-eeuse bougeskiedenis van Bloemfontein – en van die Vrystaat in die algemeen – kan mens taamlik presies drie tydperke afbaken. Hierdie tydperke, met die name wat ek self gerieflikheidshalwe daaraan gegee het, is: Vroegrepublikeins (voor 1870), met sy reghoekige gras- of platdakhuise; Middelrepublikeins (1870-90), wat gekenmerk word deur die verandahuis en meer nog deur die sg. stoepkamerhuis, asook die verspreiding van sinkdakke; en Laatrepublikeins (1890-1900) toe huise asimmetries geword het, gewoonlik van ongepleisterde baksteen gebou.

Van die eerste twee tydperke het 'n aantal openbare geboue oorgebly, maar na my wete bestaan daar in Bloemfontein geen enkele privaatwoning uit hierdie jare in herkenbare vorm nie, alhoewel 'n deeglike ondersoek van die historiese Green Lodge in Greenstraat moontlik onderdele van so ver terug soos 1848 sou kon uitwys.


Wat laatrepublikeinse woningbou betref, was die stad gelukkiger, en sewe deftiger wonings uit die negentigerjare staan op die oomblik nog. Die Ehrlich-huis (Elizabethstraat 56) en die Steynhuis (Zastronstraat 103) het ongelukkig min van hul oorspronklike karakter behou. Halevy (Halevy House-hotel, Markgraaffstraat) en Avoca (Aliwalstraat 79) het egter binne die kader van latere veranderings en verbouings 'n mate van restourasie ondergaan, en die Hertzog-huis (Goddardstraat 19) gaan gerestoureer en as museum ingerig word.

Slegs twee van al hierdie huise het hul oorspronklike voorkoms egter in feitlik ongewysigde vorm behou, nl. die Harrison-huis (Kellnerstraat 31), wat deur die Nasionale Museum as stylmuseum ingerig gaan word, en die Fichardt-huis (Elizabethstraat 40), wat tans as munisipale kliniek gebruik word, maar in 'n taamlik verwaarloosde toestand verkeer. Bowendien gaan dit 'n onseker toekoms tegemoet waar dit ingeperk staan tussen die Appèlhof, munisipale kantore en verkeersafdeling, wat almal begeerlike blikke op die perseel werp. Nogtans is dit een van die geboue in die stad wat die meeste verdien om vir restourasie en bewaring in aanmerking te kom.

Besonderhede oor die geskiedenis van die Fichardt-huis is moeilik bekombaar – na bewering het die relevante dokumente in die vloed van 1904 verlore geraak – maar die erf waarop dit staan, is in 1888 geregistreer in die naam van regter Reinhold Gregorowski (wat later terloops die Jameson-invallers in Transvaal verhoor het), en in 1896 in dié van C.G. Fichardt.

Charlie Fichardt (1870-1923) was die oudste seun van die Duitser G.A. Fichardt, prominente Bloemfonteinse sakeman en onder meer lid van die Uitvoerende Raad, en self was hy op 24 jaar stadsraadslid en op 28 burgemeester. In Maart 1895 is hy getroud met Katie Innes, bekende plaaslike sangeres en dogter van Bloemfontein se eerste burgemeester. Dit is indertyd noemenswaardig geag dat albei jongmense in die stad gebore is – Bloemfontein was teen hierdie tyd nie eers vyftig jaar oud nie en nog baie naby aan sy stigtingsjare. Dit is waarskynlik dat dit Fichardt is wat die huis te Elizabethstraat 40 laat bou het, vir of net ná sy huwelik: die styl is dié wat in die middel van die negentigerjare in Bloemfontein ingang gevind het (vgl. die Harrison-huis, wat uit 1895 dateer), en op familiefoto's van die egpaar se seuntjie Gustav uit 1898 en 1899 verskyn dit in presies dieselfde vorm as die huidige.

Toe die destydse sir Alfred Milner in 1898 in sy hoedanigheid as Britse Hoëkommissaris 'n dag in die stad deurgebring het, het hy hier tuisgegaan – 'n boog met die woord "Welkom" is vir die geleentheid in die straat opgerig en die Vrystaatse Vierkleur is by die hek opgestel, terwyl die Union Jack van die vlagstok



Die Fichardt-huis, Elizabethstraat 40, Bloemfontein

gewapper het, en al die ingange van die huis deur Artilleriste bewaak is. Tydens die Bloemfontein-konferensie die volgende winter het president Kruger weer hier gewoon – in die sitkamer het burgemeester Kellner met sy aankoms 'n verwelkomingsadres voorgelees en is verskeie hooggeplaastes aan hom voorgestel, onder wie dr. Brill van Grey-kollege. Die joernalis Frederik Rempel het hom hier besoek en 'n beskrywing nagelaat van die bejaarde President wat met rooigehulde oë op die stoep sit. Dat hierdie huis telkens uitgekies is om hooggeplaastes te huisves, toon dat dit in die destydse Bloemfontein 'n spesiale plek moes beklee het.

Charlie Fichardt het aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem en net voor Cronjé se oorgawe uit die laer te Paardeberg ontsnap. As lid van 'n vooraanstaande Republikeinse gesin is hy eers ná die besetting van Bloemfontein gevange geneem en uiteindelik met sy gesin na Kaapstad verban, waar hulle tot die einde van die oorlog moes bly. In die tussentyd is die huis blykens familiekorrespondensie uit die jare, deur 'n Britse offisier bewoon.

In 1900 is G.A. Fichardt, en in 1903 sy vrou oorlede waarna Charlie Fichardt en gesin verhuis het na die familiewoning Kaya Lami, nóg een van die verdwene heerlikheid van die ou Bloemfontein ('n afdelingswinkel beslaan tans die perseel). In 1902 is die erf in Elizabethstraat in die naam van die regering van die destydse Oranjerivier-kolonie geregistreer, waarna dit as regterwoning gebruik is. Sir Andries Maasdorp, hoofregter van die Oranjerivier-kolonie en later regter-president van die Vrystaatse provinsiale afdeling, het hier gewoon tot sy aftrede in 1919, en ná hom sy opvolger, J.E.R. (sir Etienne) de Villiers, later appèlregter. Ná die dood van sy eggenote in hierdie huis in 1925 het hy haar sterfkamer laat toesluit en 'n al hoe meer vereensaamde lewe hier gelei tot sy dood in 1947 – talle ou Bloemfonteiners het nog herinnerings aan hierdie eksentrieke ou figuur, met die gevolg dat die huis soms ook minder juis die "De Villiers-huis" genoem word.

Uit argitektoniese oogpunt is die groot waarde van die Fichardt-huis geleë in die feit dat dit na meer as tagtig jaar in breë trekke én in sy onderdele feitlik onveranderd is. In 'n stad waarin daar soveel "verbeter" en gesloop is soos Bloemfontein is dit niks minder as 'n wonderwerk nie. Die mure is nog van die warm oranje-rooi baksteen wat vroeër so kenmerkend

was van plaaslike bouwerk, en die huis besit voorts al sy houtraamvensters (swaaiventers met lae vensterbanke aan die voorkant, skuiframe elders) en deure, almal wit geverf. Die sinkdak is ingevolge 'n later modegier grys, maar as gevolg van die verwaarlosing van die gebou het die ouer en meer tipiese oranje weer begin deurskemer.


Die baksteenportiek en -balkon voor die voordeur is weliswaar 'n later toevoeging, maar volgens 'n panoramafoto van Bloemfontein omstreeks 1930 wat ek eenmaal gesien het en helaas nooit weer kon opspoor nie, het dit toe reeds dieselfde vorm en afmetings gehad. Oorspronklik moes dit vermoedelik van hout gewees het.



**Detail van versiering aan die buitekant van die Fichardt-huis.**

Die huis is in wese baie eenvoudig, en die dekoratiewe detail waaraan dit sy besondere karakter te danke het, is ook onopsigtelik: hoofsaaklik bestaan dit uit 'n sierreliëf van dieselfde baksteenwerk as die mure, wat om die vensters, op die hoeke en onder die windvere aangebring is, asook 'n nuttelose maar bekoorlike hoektorinkie van baksteen en klip aan een kant van die fasade.

'n Hoë stoep loop langs drie kante van die huis, onbedek afgesien van die reeds vermelde portiek voor die voordeur aan die oostekant, en 'n verandatjie van gegolfd sinkplate aan die noordekant.



**'n Mooi versierde deurhandvat.**

Die grondplan van die huis is onreëlmatig, en veranderings het kennelik deur die jare plaasgevind wat dit nog moeiliker maak om die oorspronklike opset vas te stel. Die opvallendste vertrek is egter die lang sitkamer wat deur middel van 'n dubbeldeur uit die voorportaal bereik word. Die vernaamste vertrekke is verder 'n hoekkamertjie wat as studeerkamer diens kon gedoen het, 'n eetkamer en (vermoedelik) ontbyt-kamer agter die veranda. 'n Steil trap lei na die boverdieping, wat so beperk is dat die dubbelverdiepinggedeelte van die huis feitlik die voorkoms van 'n toring het: dit bestaan uit drie kamers, waarvan een baie klein en smal is, en 'n badkamer.

Agter die huis is daar twee uitbouings. Dié aan die noordweste, wat tans 'n plat betondak het, is vermoedelik deel van die oorspronklike struktuur en het waarskynlik die kombuis bevat, terwyl dié aan die suidweste volgens die aard van die baksteen 'n latere toevoegsel is, alhoewel dit ook nog hout-skuiframe besit en dus ook betreklik oud moet wees.



**Detail van versiering op een van die kaggels.**

Binne besit die huis, vir sover mens deur middel van 'n betreklik oppervlakkige ondersoek kan vasstel, nog al sy oorspronklike houtwerk: deure, (dikwels nog met deurplate en ou deurknoppe); paneelwerk in die kosyne van deure en vensters; houtplafonne (wat in die sitkamer versier is); 'n houttrap, sieromrandings vir die sewe kaggels, asook sierteëls en ysterherde. 'n Aantal latere wysigings kan duidelik uitgeken word, onder meer 'n deur wat in die sitkamer ingebreek is en een wat in die kombuisvleuel toegebou is. Geduldige ondersoek sou seker nog meer van die gebou se ontwikkeling kan blootlê, maar in wese is dit nog, alle verwaarlosing ten spyte, in 'n baie groot mate soos die Fichardts dit geken het, en indien die nodige goeie wil en belangstelling aanwesig sou wees, sou dit betreklik eenvoudig wees om dit te restoureer as herinnering aan die Vrystaatse Republiek en aan 'n gesin wat so 'n belangrike rol in die geskiedenis van die staat gespeel het.

#### **Bronne:**

Erweregister, Akteskantoor, Bloemfontein  
 Planne nos. 52-863-12/13, Munisipale Argitekskantoor, Bloemfontein  
 Briewe in die besit van mev. Connie Anderson, Rosendal  
 Foto's in die versameling van die Nasionale Museum, Bloemfontein  
*De Express*, 22.3.1895  
*The Friend*, 5.4.1898, 2.6.1899  
 Bloemfonteinse Straatgidse  
 Rompel, F.: *Uit den Tweede Vryheidsoorlog*  
 Schoeman, S: *Bloemfontein*  
 S.A. *Biografiese Woordeboek*

**Mnr Schoeman se publikasie oor die 19de eeu se Vrystaatse argitektuur, "Vrystaatse Erfenis", verskyn hopelik later vanjaar. Hierin word ook heelwat aandag aan die Fichardt-huis geskenk. (Red.)**



# Die Rooihuiskraal-terreïnmuseum, Verwoerdburg

Diedré du Toit

*Kultuurhistorikus, Transvaalse Provinsiale Museumdiens*

## Inleiding

Ongeveer vyftien kilometer suid van Pretoria lê die terrein waar die historiese slag van Rooihuiskraal in 1881 plaasgevind het. Die Stadsraad van Verwoerdburg het gedurende 1980 Gedeelte 22 ('n Gedeelte van Gedeelte 1<sup>1</sup>) van die plaas Brakfontein gekoop met die oog daarop om dit as terreïnmuseum en kultuursentrum te ontwikkel. Op 13 Februarie 1981 is hierdie terrein dan ook amptelik as Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar.

Verwoerdburg se Stadsraad het die Transvaalse Provinsiale Museumdiens genader om in raadgevende hoedanigheid op te tree tydens die navorsing, beplanning en restaurasie van die projek. In samewerking met die argeoloog van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria het Museumdiens die terrein deeglik onder die soeklig geplaas. Die beplanning van die terreïnmuseum is gedoen na aanleiding van die historiese en argeologiese verslae.


By die oprigting van 'n terreïnmuseum moet 'n definitiewe doelwit bepaal word wat as riglyn kan dien. Hierdie doelwit bepaal die mate van restaurasie wat uitgevoer word. In hierdie geval het die tema van die museum, naamlik 'n gedeelte van 'n historiese slagveld wat 'n historiese argeologiese vindplek en 'n plaaswerf insluit, die doel in 'n groot mate bepaal.<sup>2</sup> 'n Beplanning behoort uniek te wees want geen twee terreïnmuseums is dieselfde nie, dit behoort dokumentêr te wees om as visuele bewys vir ander navorsers te dien, en bo alles moet onthou word dat hierdie terrein nie bloot gekies is slegs om byvoorbeeld argitektoniese waarde nie, maar om 'n atmosfeer en lewenstyl van 'n sekere fase van humanitêre leefwyse en ontwikkeling in sy hele konteks daar te stel.<sup>3</sup> Dit besef ons as na die geskiedenis van die terrein gekyk word.



Lt.-kol. G.F.  
Gildea  
onderbevelhebber  
van die Britse  
garnisoen te  
Pretoria (1880-81).

## Die plaas en inwoners

Daniël Jacobus Erasmus trou in 1807 met Cornelia Susanna Kruger. Met die uittoeg uit die Kaap, die binneland in sluit Daniël en sy gesin hulle by die Potgietertrek aan.<sup>4</sup> In die omgewing van Pretoria baken Daniël vir hom 'n groot plaas af en vestig hom naby die Hennopsrivier.<sup>5</sup> Daniël en Cornelia het elf kinders gehad, ses dogters en vyf seuns.



Troufoto van  
Michiel en Anna  
Opperman. 1 Feb.  
1893.

Na Daniël se dood in 1875 word sy groot plaas verdeel onder sy vyf seuns in die plase Randjesfontein, Doringkloof, Wonderboom, Groenkloof en Brakfontein. Laasgenoemde sou later verdeel word om ook die gedeelte Rooihuiskraal te inkorporeer.<sup>6</sup>

Daniël se jongste seun Rasmus Elardus erf die plaas Brakfontein. Rasmus trou reeds in 1853 met sy niggie Louisa Catharina Erasmus. Omdat Louisa ook 'n nooi Erasmus was kry Rasmus nou die bynaam van "Dubbele Erasmus".<sup>7</sup> Rasmus was net soos sy vader 'n vooruitstrewende boer en hy ag dit noodsaaklik om verskeie veeposte op sy plaas te hê om soodoende die beweiding van sy grond te balanseer. Een van hierdie veeposte het die naam gehad van Rooihuiskraal vanweë 'n rooibaksteenhuus wat by die klipkrale gestaan het.<sup>8</sup> Dit is dan ook by hierdie veepos waar 'n laer van 15 waens en 150 man stelling ingeneem het tydens die beleg van Pretoria in 1881.<sup>9</sup>

Rasmus en sy vrou het tien kinders gehad. Anna die jongste is gebore op 11 November 1871 op Brakfontein. Na haar vader se dood op 10 Augustus 1891 erf Anna die deel van Brakfontein waarop die slag van Rooihuiskraal plaasgevind het.<sup>10</sup> Anna trou op 1 Februarie 1893 met haar neef Michiel Christiaan Opperman. Michiel was tydens die Rooihuiskraalgeveg 14 jaar oud en het gedurende die beleg vars perde na sy pa by die laer geneem.<sup>11</sup> Michiel bou vir sy bruid 'n opstal, naby die rooibaksteenhuus wat tans slegs 'n ruïne is, maar tydens die Tweede Vryheidsoorlog word die huus afgebrand en is Anna en haar twee seuntjies na 'n konsentrasiekamp gestuur.<sup>12</sup> Na die oorlog keer Michiel terug van die slagveld en gaan haal sy vrou en kinders in die konsentrasiekamp. Saam bou Anna en Michiel 'n nuwe huus (1904) en vergroot dit later (1914). Anna bestel vir hulle meubels uit die Kaap en rig hulle huus volgens die Victoriaanse mode in.<sup>13</sup> In hierdie huus het hulle drie seuns grootgeword. Michiel Christiaan Opperman het die hoë ouderdom van 104 jaar bereik. Hy is oorlede gedurende Februarie 1969.

## Die slag van Rooihuiskraal

Die Z.A.R. word op 12 April 1877 deur Theophilus Shepstone as Britse Kolonie geannekseer. Die Boere probeer hulle verlore onafhanklikheid deur onderhandelings terugwen; verskeie deputasies word hiervoor na Londen gestuur. Namate dit duidelik word dat hierdie benadering nie gaan slaag nie het spanning begin oplaai en het die Boere gereed gestaan om hulle na die wapen te wend. Op 13 Desember 1880 hou die ou Z.A.R. Volksraad 'n spesiale vergadering by Paardekraal, Krugersdorp, waartydens die gesag van die staat in die hande van die Driemanskap bestaande uit S.J.P. Kruger, P.J. Joubert en M.W. Pretorius geplaas is. Die Driemanskap maak Heidelberg die setel van hulle regering en met die hysing van die Republikeinse vlag in Heidelberg op 16 Desember 1880 neem die Eerste Vryheidsoorlog 'n aanvang.<sup>14</sup>



**Kommandant  
Hans Erasmus,  
bevelvoerder  
tydens die  
Rooihuiskraal-  
slag.**

Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog was Pretoria vir honderd dae deur Boeremagte beheer (18 Desember 1880 tot 28 Maart 1881). Kolonel W. Bellairs, Britse offisier in bevel van Transvaal, het op 21 Desember 1880 krygswet afgekondig en bevel gegee dat die dorp ontruim moet word. Die volgende dag het 3 700 mans, vrouens en kinders die kamp wat vir hulle in die dorp opgerig is, betrek. Sommige mans is by die organisasie in die kamp betrek. Diegene wat vuurwapens kon hanteer is by die vrywilligerkorps ingelyf sodat die Britse magte versterk kon word.<sup>15</sup>

Die Britse verdediging in Pretoria is versterk deurdat 'n fort vir 25 man en 'n Krupp-kanon by die suidelike poort van Pretoria opgerig is. Daarna is hier ook 'n blokhuis vir 12 man gebou. Aan die ooste van Pretoria is Fort Royal opgerig vir troepe en 'n Krupp-kanon daarin geplaas. Die Loretto-klooster en die gevangenis is deur 450 Britse voetsoldate en nog 'n Krupp-kanon beset. Aan die westekant van Pretoria is die kruithuis beset en aan die noordwestekant is 'n blokhuis vir ongeveer 20 man gebou. Die kamp in die dorp is in vierkante verdeel en op 'n gereedheidsgrondslag geplaas.<sup>16</sup> Intussen het Boeremagte op die volgende plekke rondom Pretoria stelling ingeneem:

**Elandsfontein:** 16 Kilometer wes van Pretoria het ongeveer 12 waens in 'n kloof saamgetrek. Hier was ongeveer 100 boere en in die nabye omgewing was nog 'n laer van 100 man saamgetrek.

**Albertus Pretorius:** 24 Kilometer suidwes van Pretoria was 'n laer van 20 tot 30 waens met mans, vrouens en kinders.

**Rooihuis, Rasmus Erasmus se plaas:** 15 Kilometer suid-wes van die Pretoria-Heidelbergpad, was 'n rooi baksteenhuus met

'n klipkraal na links en 'n laer van 15 waens. Dit was bo-op 'n heuwel en sigbaar van alle kante. Dit was maklik bereikbaar vir die vyand en was dus nie 'n baie gunstige posisie nie. Hier was ongeveer 150 Boere wat aangevul is deur versterkings vanaf Strydom se plaas.

**Strydom se plaas:** Op die Heidelbergpad, 22 kilometer suid van Pretoria was ongeveer 200 Boere saamgetrek.

**Daniël Erasmus se plaas:** Langs die Sesmyspruit ongeveer 17 kilometer suid-oos van Pretoria was 20 tot 30 waens in 'n sterk posisie by die voet van 'n koppie saamgetrek. Hier was ongeveer 100 Boere.

**Struben se plaas:** Dit was net 17 kilometer van Pretoria. 'n Klein laer met slegs 20 tot 30 man.

**Swavelpoort:** 8 Kilometer suidoos van Struben se plaas met ongeveer 80 tot 100 Boere.

**Venter se plaas:** Ongeveer 23 kilometer noordoos van Pretoria was 'n vrouelaer met 40 tot 50 waens en slegs 40 tot 50 vegtende mans.

**Derdepoort:** 15 Kilometer noordoos van Pretoria aan die voet van die Magaliesberge was 'n paar mans.

**Wonderboompoort:** 9 Kilometer noord van Pretoria aan die oewer van die Apies was 20 waens met 200 Boere.<sup>17</sup>

Hierdie stellings is so geplaas dat hulle mekaar tydens aanvalle kon ondersteun. Die Boere het ook hulle plaashulp by hulle gehad; die Swartes is gebruik vir patrollie en wagstaan by die waens. Swartes van die nabygeleë krale is gebruik om tydelike verdedigings op te rig.

Met die oog daarop om van die baie beste by die veepos Rooihuiskraal te bekom, is die Rooihuis reeds op 29 Desember 1880 deur die Britse magte aangeval. Luitenant-kolonel G.F. Gildea was in bevel van die Pretoria Carbineers wat hierdie aanval geloods het. Kaptein D'Archy van die Britse magte is in die voorval ernstig gewond. Die aanval is afgeslaan.<sup>18</sup>

'n Tweede aanval op Rooihuiskraal het op 12 Februarie 1881 plaasgevind. Die Britse mag, wat om 2 uur die oggend Pretoria verlaat het en in die rigting van Rooihuiskraal beweeg het, het bestaan uit:

Royal Artillery: 2 negeponders, 2 waens, 1 vuurpyl en 37 manskappe

Royal Engineers: 21 manskappe

21st Royal Scots Fusiliers: 188 manskappe

21st Mounted Infantry: 25 manskappe

Transvaal Artillery: 1 Kruppkanon, 7 manskappe

Pretoria Carbineers: 101 manskappe

Norse's Horse: 60 manskappe

Pretoria Rifles onder maj. Le Mesurier: 158 manskappe

Melville Scouts: 12 manskappe

Army Medica Department: 5 manskappe




**Die Victoriaanse woonhuus op Rooihuiskraal.**

Vervoerafdeling: 18 waens, 2 ambulanswaens, 8 perde, 202 muile, 2 offisiere, 3 onder-offisiere en 3 siviele instruksiekers.<sup>19</sup>

Die Pretoria Carbineers en hulle bevelvoerder kaptein Sanctuary is vooruitgestuur met die bevel om die koppie suid van Sesmylspruit te beset. Op pad het kaptein Sanctuary manskappe by die koppie aan Rooihuiskraal se kant van die spruit gelaat totdat die res van die magte opgedaag het. Met die aankoms van die res van die magte by die koppie is die Pretoria Rifles onder leiding van majoor Le Mesurier met 'n Kruppkanon daar gelaat. Die Royal Scots Fusiliers met luitenant Collings in bevel is na Swartkopje gestuur.<sup>20</sup> Die Britse magte is oor die spruit na die koppie wat deur die Carbineers beset is en vyftig van die Royal Scots fusiliers onder luitenant Stanuel is hier agtergelaat. Daarna het die magte in die rigting van die beeskraal beweeg.

Die Boeremag, bestaande uit 150 man onder bevel van kommandant Erasmus was die aanval te wagte. Sommige was by die rooihuisie en die laer, party by 'n nabygeleë heuweltjie. Die Boere het reeds skietgate in die klipkraalmuur begin maak en die beste bevestiging verwyder.<sup>21</sup>



Die klip-waenhuis net langs die woonhuis.

Die Engelse het 1 500 tree van die kraal af posisie ingeneem by 'n klompie bome wat volgens Lagden<sup>22</sup> in die middel van 'n opening van hoefystervormige hoogliggende grond was. Die kraal was omtrent in die middel van die hoefyster. Die Carbineers het reguit die bos ingery en op 20 tot 30 Boere afgekam. Die Boere het egter vinnig na die kraal terugbeweeg.

Die Carbineers het hulle agtervolg totdat vuur vanaf die kraal hulle gestuit het. Sanctuary en twee van sy soldate is in die skermutseling gewond. Kolonel Gildea en die res van die magte was nou halfpad tussen die koppie beset deur Stanuel en die bos.

Ongeveer 300 tree van die bos waar die Carbineers gewag het, het die kolom gestuit. Met die kanon is op die kraal geskiet. Die hele tyd kon die Engelse die Boere tussen die rooihuis en die kraal, wat ongeveer 1 000 tree suid van die huis was, sien beweeg. Nadat 'n tweede sarsie kanonskote op die kraal gevuur is, het die Boere die kraal ontruim en agter die kraal in beweeg. Nadat die kraal ontruim is, het die Boere met hewige geweervuur op die linkerflank van die Britte losgebars. Kolonel Gildea het bevel gegee dat sy magte moet ophou vuur en sowat 200 tree moet retireer. Terwyl kolonel Gildea regop in die saal gestaan en bevele gegee het is hy in die sitvlak gewond. Die Engelse troepe was totaal verward en het rondgemaak. Op hierdie tydstip was die Britte 'n maklike teiken vir die Boere wat hulle kans goed waargeneem het. Die Boere het ook posisie in-

geneem by die klein regterkantste koppie. Hulp vir die Boere het vanuit die ooste gekom en soos die Boere stelselmatig om beweeg het, het die Carbineers van die klein koppies af gevlug.<sup>23</sup>

Bellairs wat ook in die skietery gewond is, is deur die ambulanswa gehaal. Kaptein Dunn het bevel oorgeneem en beveel dat die Britte moet terugkeer na Pretoria.<sup>24</sup> Daar was geen verliese onder die Boere nie en slegs drie perde het in die stof gebly. Aan die vyand se kant was 1 dood en 15 gewond. Dit was die laaste aanval van betekenis op die burgers rondom Pretoria. Gedurende die hele beleg was die verlies aan Boerekant 7 dood en 5 gewond. Aan Britse kant was 16 dood en 37 gewond.<sup>25</sup>

### Argeologiese aspekte

Omdat geen dokumentêre bewyse gevind kan word vir die bespiegeling dat die puinhoop op die terrein wel die rooihuis is waarna die plaas vernoem is nie, is besluit dat hierdie puinhoop argeologies ontgin sal word.

Mnr. Hanisch en Van Ewyk van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria het alreeds met hierdie groot taak begin en tekens van fondasies van 'n groot rooibaksteen huis is reeds gevind. Ander vermeende strukture, byvoorbeeld 'n smidswinkel en 'n leivoor en leidam, sal ook deur die argeoloë ondersoek word.

Aangesien die argeologiese opgrawings nog nie voltooi is nie kan geen kultuurhistoriese waarnemings nog gedoen word nie. Soos reeds genoem kon geen bewyse gevind word van hoe die huis in sy oorspronklike vorm daar uitgesien het nie. Alhoewel die argeologiese opgrawing die fondasies sal blootlê en ontledings die soorte materiaal gebruik vir die oprigting van die huis sal bepaal, sal dit onmoontlik wees om die huis volgens daardie gegewens te rekonstrueer. Daar kan byvoorbeeld nie bepaal word waar die vensters was nie, hoe hulle daar uitgesien het nie, was dit houtluik of wat? Daar sal nie met sekerheid gesê kan word of hierdie huis 'n staandak of 'n platdak gehad het nie. Hoe die interieur van die huis gelyk het sal ook nooit vasgestel kan word nie. Dit sal ook 'n baie afgewaterde rekonstruksie wees indien dit slegs volgens periode korrek gedoen sou word, want in Transvaal is reeds ander waardevolle voorbeelde van sulke pioniershuise waar belangrike persone gewoon het byvoorbeeld die Pioniershuis by Silverton, Pretoria, en die Boerewoning by Suikerbosrand, Heidelberg.



Mnr Hanisch en Van Ewyk op die argeologiese terrein op Rooihuiskraal.

*Dit is belangrik dat alle eerlikheid by restourasie- en herwiningsprojekte nagestreef word en die enigste oplossing vir die probleem lê daarin dat die argeologiese vindplek eerder in situ bewaar word. Die algemene publiek weet min van die vak argeologie en nou word hier ook 'n geleentheid geskep om die besoeker bewus te maak van die waarde van die vak, en die hulp wat dit bied aan die kultuurgeskiedenis en geskiedenis.*

### Terreinmuseum

Die terrein beskik oor mooi gepakte beeskrale, koeistalle, 'n dipbak, 'n pragtige waenhuis met 'n geskiedenis op sigself en 'n Victoriaanse boereopstal met sy werf en bakoond. Al hierdie strukture gaan gerestoureer word om deel te vorm van die museumopset. Hierdie strukture is van verskillende chronologiese periodes en deur dit te behou word 'n goeie beeld van die ontwikkeling op 'n groeiende plaaswerf gegee.

'n Deel van die terrein gaan ook as ontspanningsterrein dien. Braaivleisgeriewe, piekniekplek en so meer moet dus ook voorsien word. Hierdie terreinmuseum is egter nog in die eerste fase van ontwikkeling en dit behoort nog 'n rukkie te neem voordat die projek voltooi sal word.

### Voetnote

1. L.G.: Kaart A 6550/80.
2. M. du Toit: *Bepanning van Museumgeboue* (ongepubliseerde lesings vir die Nagraadse Diploma in Museumkunde) 1981, p. 24.
3. Richard W.E. Perrin: *Outdoor Museums* p. 5.
4. H.S. Pretorius (red): *Voortrekker argiefstukke 1829-1849* p. 37, 187.
5. J.H. Breytenbach (red): *Notule van die Z.A.R. 1851-1853* II p. 63.
6. L.G.: Plaasboeke JR 389-399.

7. Erasmus mev. Lucy, Persoonlike mededeling.
8. T.A.B.: Preller versameling, 787/128, pp. 42-44: Korrespondensie tussen G.S. Preller en P.E. Erasmus, 1940.30.05.
9. G.S. Preller, *Talana*.
10. T.A.B.: Boedel 6501, Rasmus Elardus Erasmus, 1891.
11. K. van der Post: Pretoria en Omgewing as strydtoneel, *Commando*, Augustus 1958 pp. 61-63.
12. Erasmus, mev. Lucy, Persoonlike mededeling; Gouws mev. Lulu, Persoonlike mededeling.
13. Roux, mev. R., Persoonlike mededeling.
14. A.N. Pelzer: Transvaal Republic, *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, 1974 X, p. 610.
15. Lady Bellairs: *The Transvaal war 1880-1881*, p. 456; *Hoofstad*, Rooihuiskraal is mooi, 1972.01.29 p. 11.
16. Ibid. p. 457; T.F. Carter: *A Narrative of the Boer War* pp. 370-371.
17. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: Britse Blouboeke, C 2950, pp. 9697. Maj. genl. G. Pomeroy-Colley – Kd. W. Bellairs, Pretoria, 1881.01.06; T.F. Carter: *A Narrative of the Boer War*, p. 370
18. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: Britse Blouboeke, C2866, p. 107 Kol. W. Bellairs – Maj. genl. Pomeroy-Colley. Pretoria, 1880, Des.
19. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: Britse Blouboeke C 2950, p. 107 kol. W. Bellairs – Maj. genl. Pomeroy – Colley. Pretoria, 1881.01.22.
20. Ibid.; J. Nixon: *The Complete story of the Transvaal*, pp. 190-200.
21. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: Kmdt. Van Dam, A 1044, p. 76.
22. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: Lanyonversameling, A596, 5B pp. 248-249; Lagden se verslag oor Rooihuiskraal, 12.2.1881.
23. Ibid, p. 254; L. Lehman: *The First Boer War*, p. 199.
24. Lady Bellairs, *The Transvaal War 1880-1881* p. 469.
25. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: A 1044 Kommandant Van Dam p. 77; A.M. Davey: *The siege of Pretoria 1880 – 1881* (ongepubliseerde MA-verhandeling, Unisa,) p. 287.

As u wil weet watter plek OU MUTUAL in vandag se samelewing volstaan, is die antwoord nie in rande en sente nie.

Inteendeel — u vind dit geskryf in die taal van die lewe self . . . in woorde soos hoop en droom; in tye van vreugde en smart. 'n Deel van die lewe intiem soos 'n gedeelde geheim.

Dit is per slot van rekening waarom OU MUTUAL tot stand gebring is — sodat die lewe voller en veiliger kan wees vir diegene wat voorsorg tref vir die behoeftes van môre.

U sal vind dat 'n lewensversekerings- of pensioenplan van OU MUTUAL 'n *veilige* plan is. U kan gerus wees in die wete dat u u belegging toevertrou aan 'n organisasie wat al vir meer as 136 jaar woord hou . . . daardie organisasie is OU MUTUAL.

SOEK ONS  
IN DIE  
LEWE



**OU MUTUAL**  
U Anker in die Lewe

SOEK  
ONS  
IN  
DIE LEWE

# Ashbey's Galleries

## Facade Restoration, 43 Church Street. Gwen M. Mills

The Principal of Ashbey's Galleries, 43 to 47 Church Street, Cape Town, Mr. Basil Robinson, has received a letter of appreciation from the Cape Regional Committee of the Simon van der Stel Foundation and the National Monuments Council. Mr. Robinson restored the facade of his building, an auctioneering business of very long standing in the city.

Ashbey's Galleries consist of two buildings with title deeds going back to 1724 and 1758. Its owner, Basil Robinson, has an appreciation of Cape architecture. His buildings, situated in an early Cape Town residential area, have now been restored to their former architectural beauty and interest by the architects Revel Fox and Partners.

Both buildings were the subject of "modernisation" in the 19th century. The important front door has now been returned to its original position. Appreciation is due to the Cape Town City Council for taking into consideration

the nature of these important buildings and waiving certain regulations. The only detail now remaining to complete this important restoration of the facade, is the replacement with a stable door of the present old, but not quite contemporaneous, double door.

In the Cape, Ashbey's Galleries may be considered a mirror of public taste in antiques and antique collecting, not as an antique dealer's gallery, but as an auction room. It provides a happy hunting ground for those fascinated by antiques, professional dealers, collectors and the interested public who attend the catalogued sales.

In Christie's "Review of the Season, 1981," the following remarks are made by a lecturer at Christie's Fine Arts Course" . . . one should not forget that the auction room is not only the best museum in the world, but one of the best academies . . ."

Ashbey's Galleries, Cape Town



# Briewe

## Edgars in Victoriaanse kled deur G.M. van der Waal

As 'n leek op die gebied van argitektuur is dit sekerlik gewaagd van my om enkele opmerkings te maak oor bogenoemde artikel wat in u blad verskyn het.

Eerstens is dit ongelukkig dat 'n foto van die gebou nie geplaas kon word nie, dus stuur ek maar een saam. Op die oog af 'n pragtige geboutjie. As iemand wat af en toe Barberton besoek en lief is vir die dorpie en sy omgewing, het ek op 'n laat middag weer deur die strate gedrentel en hierdie pragtige gebou raakgesien. Saam hiermee het ek egter skielik aan my geheue begin twyfel. My hare is darem al aan die grys word maar die feit dat ek nie kon onthou dat ek die gebou voorheen gesien het nie, het my bekommer. Geskok moes ek die volgende dag verneem dat dit 'n splinternuwe gebou is. (Ek was ten minste bly dat die bekommernis oor my verstand wat nie reg funksioneer nie, ongegrond was!) Die skok het geleidelik in teleurstelling oorgegaan. Hoeveel van my mede-landgenote is nie ook hierdeur om die bos gelei nie? Hoeveel van hulle weet vandag dat wat hulle sien en bewonder en in hulle geestesoog belewe, nooit so was nie? Soos genoem, weet ek nie veel van hierdie hoë kultuurgoedere soos argitektuur nie maar ek vra myself af of so-iets reg is? Dat Barberton een van die min dorpe in Transvaal is waar die dorpskern nog tot 'n redelike mate behoue gebly en as sulks bewaar behoort te bly, is nie te betwyfel nie. Persoonlik is ek van mening dat wat hier plaasgevind het, 'n valsheid is. Sover my kennis strek, het daar geen van hierdie tipe "koloniale laat-Viktoriaanse" dorpswinkels met gietysterpilare en meegaande versierings in Barberton voorge-

kom nie. (Ek mag verkeerd wees maar ek kon geen foto daarvan opspoor nie). Hierdie tipe gietysterversierings is meer kenmerkend van ander streke. In beide Barberton en Pilgrim's Rest was *hout*versierings op stoepe eerder 'n kenmerk van die argitektuur. Hierdie winkel pas dus glad nie in by wat histories in Barberton tuis behoort nie maar gee tog voor dat dit 'n egte, ou gebou is.

Ek is van mening dat daar slegs twee moontlikhede bestaan by die oprig van 'n nuwe gebou in 'n historiese kern soos in die geval van Barberton:

- (i) die nuwe gebou moet 'n replika wees van 'n gebou wat op daardie presiese terrein gestaan het; of
- (ii) die nuwe gebou moet in die moderne idioom ontwerp, maar simpatiek met die ou geboue en in sy eie reg argitektonies verantwoordbaar wees.

Daar is genoeg valsheid in ons wêreld. Ons wat lief is vir ons ou geboue moet daarteen waak dat ons nie die publiek wat ons saak steun dalk teen ons gekant kry deur hulle te mislei nie. Kom ons gooi ons kragte saam en probeer Barberton se kern behou soos wat dit vandag daar uitsien. Die geboue uit die veertiger-, vyftiger- en selfs sestigerjare wat tans saam met die historiese geboue daar staan, is oor 50 jaar net so waardevol as die Viktoriaanse geboue waaroor ons nou so begaan is.

Ek wonder maar net, wat is reg en wat is verkeerd?

ROU STEEN



**Die nuut-ontwerpte winkel in Barberton. Selfs die datum laat die publiek twyfel: is dié gebou wat dan so oud lyk eers in dié jaar opgerig, of het Jet in 1981 die gebou betrek?**

Distinctive early architecture gains nothing by being a neighbour to the kind of historical fakery that inserts so-called "reproductions" to fill in gaps in the townscape. As stated in the UNESCO *Recommendation concerning the safeguarding of the beauty and character of landscapes and sites*, in the construction of all types of public and private buildings: "These should be designed so as

to meet certain aesthetic requirements in respect of the building itself and, while avoiding a facile imitation of certain traditional and picturesque forms, should be in harmony with the general atmosphere which it is desired to safeguard."

*National Trust for Historic Preservation: Historic Preservation tomorrow, Colonial Williamsburg, 1967.*

# ENERGY FOR LIFE



FOR 25 YEARS, TOTAL HAVE BEEN HELPING THE PARKS BOARD HELP ENDANGERED SPECIES SURVIVE. BECAUSE LOOKING AFTER ENERGY MEANS LOOKING AFTER LIFE.





*Elke Sigaret  
'n Meesterstuk*